

DIE HERVESTIGING VAN PLANTEGROEI OP VERSTEURDE
GEBIEDE IN NASIONALE PADRESERWES

DEUR

GERHARD PIETER VILJOEN
HONNS. B.Sc.

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER SCIENTIAE

in die Fakulteit van Natuurwetenskappe aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys

LEIER: PROFESSOR J.J.P. VAN WYK

POTCHEFSTROOM
MAART 1981

INHOUDSOPGAW

HOOFSTUK 1

	Bladsy
1.1	INLEIDING EN HISTORIESE AGTERGROND 1
1.1.1	Padkonstruksie in Suid-Afrika 1
1.1.2	Studies wat in die verlede onderneem is 3
1.1.3	Die invloed van helling.. 4
1.1.4	Die invloed van bogrond 4
1.1.5	Stabilisasie van hellings 4
1.1.6	Die invloed van aspek 4
1.1.7	Bemesting 5
1.1.8	Saadmengsels 5
1.1.9	Diagnostiese kenmerke van degraderende hellings 5
1.2	Literatuuroorsig 7
1.2.1	Suid-Afrikaanse literatuur 7
1.2.2	Buitelandse literatuur 14
1.3	Algemene oorsig van metodes en tegnieke vir die hervestiging van plantegroei in Nasionale Padreserwes in Suid-Afrika 18
1.3.1	Inleiding 18
1.3.2	Oorsig van tegnieke en metodes 18
1.3.3	Die verlies van bogrond 22
1.3.4	Eksperimentele werk 22
1.3.4.1	Proefperseelstudies 22
1.3.5	Algemene opmerking 24

HOOFSTUK 2

DIE AANPASSINGSVERMOË VAN DERTIEN GRASSPESIES OP SEWE VERSKILLENDE LOKALITEITE

2.1	Inleiding 25
2.2	Lokaliteite van proefpersele 26
2.3	Uitleg van die proef 26
2.4	Resultate 27

	Bladsy
2.5 Bespreking van resultate	31
2.6 Afleidings..	35
2.7 Kritiese bespreking	37

HOOFSTUK 3

DIE VESTIGING VAN NEGE GRASSPESIES IN DIE KNYSNA-OMGEWING

3.1 Inleiding	38
3.2 Spesies	38
3.3 Aspek en grondsoorte	39
3.4 Persele	39
3.5 Saadmengsel	39
3.6 Proef lokaliteite	39
3.6.1 Suidelike helling	39
3.6.2 Oostelike helling	41
3.6.3 Westelike helling	43
3.6.4 Oostelike helling	43
3.6.5 Westelike helling	52

HOOFSTUK 4

EVALUASIE VAN DIE VESTIGINGSVERMOË EN SAADPRODUKSIE VAN 39 "EKOTIPES" VAN *ERAGROSTIS CURVULA* OP 'N SANDERIGE HELLING IN DIE KNYSNA-OMGEWING

4.1 Inleiding	59
4.2 Doel van die proef	59
4.3 Lokaliteit van die proef	59
4.4 Uitleg van die proef	59
4.5 Ekotipes	60
4.6 Opnames..	64
4.6.1 Biomassaproduksie	64
4.6.2 Aantal bloeiwyses	64
4.6.3 Saadproduksie	64
4.7 Resultate	64
4.8 Bespreking van resultate	64
4.8.1 Biomassa	64
4.8.2 Afleidings	69
4.8.3 Aantal bloeiwyses en saadproduksie	69
4.8.4 Afleidings	72
4.3.5 Samevatting	72

HOOFSTUK 5

Bladsy

DIE VESTIGING EN AANPASSINGSVERMOË VAN SES LOKALE PIONIER GRASSPESIES OP 'N NOORDELIKE- EN SUIDELIKE HELLING IN DIE PRETORIA-OMGEWING

5.1	Doel	74
5.2	Lokalisiteit	74
5.3	Spesies	74
5.4	Persele	74
5.5	Saaidigtheid en bemesting	76
5.6	Opnames en resultate	77
5.7	Variansie-analises	106
5.8	Bespreking van resultate	108
5.8.1	Vestiging op die noordelike helling	108
5.8.2	Vestiging op die suidelike helling	109
5.8.3	Afleidings	110
5.9	Gevolgtrekkings	114
5.10	Saadproduksie.	114

HOOFSTUK 6

'N EVALUASIE VAN DRIE STABILISASIE-TEGNIËKE OP 'N SANDERIGE HELLING IN DIE KNYSNA-OMGEWING

6.1	Inleiding	115
6.2	Lokalisiteit	115
6.3	Saadmengsel	115
6.4	Bemesting	116
6.5	Uitleg van die persele	116
6.6	Stabilisasie-metodes	116
6.7	Opnames	117
6.8	Resultate	117
6.9	Bespreking van resultate	122

HOOFSTUK 7

DIE TOEPASSING VAN STABILISASIE-TEGNIËKE OP 'N SUIDELIKE HELLING VAN DIE TUINROETE NABY GROOT-BRAKRVIER (PONT-SE-HOOGTE)

7.1	Inleiding	125
7.2	Doel van die proef	125

	Bladsy
7.3 Vereistes vir die stabilisasie van bogrond	125
7.4 Stabilisasietegnieke	126
7.5 Uitleg van die proef	126
7.6 Bemesting	127
7.7 Die verskillende stabilisasietegnieke	127
7.8 Opnames.	133
7.9 Resultate	133
7.10 Bespreking van resultate	140


HOOFSTUK 8

TOEPASSING VAN DIE "ALL-IN-ONE"-TEGNIK

8.1 Inleiding... ..	143
8.2 Stabilisasieblokke	143
8.3 Uitleg van die proef	145
8.4 Opnames	145
8.5 "All-in-One" Tegniek	146

HOOFSTUK 9

DIE VESTIGING EN BIOMASSAPRODUKSIE VAN DERTIEN LOKALE, PIONIER- EN ANDER SPE- SIES IN DIE GEORGE-OMGEWING

9.1 Inleiding	153
9.2 Stabilisasie van bogrond	153
9.3 Uitleg van die persele	153
9.4 Bemesting	155
9.5 Saadmengsel	155
9.6 Opname 	155
9.7 Resultate	156
9.8 Bespreking van resultate	181

HOOFSTUK 10

DIE INVLOED VAN VOG EN BODEMTOESTANDE OP DIE VESTIGING EN SAADPRODUKSIE VAN NEGE GRASSPESIES

10.1 Inleiding	186
10.2 Bemesting	186

	Bladsy
10.3	Uitleg van die proef ... 186
10.4	Bepalings ... 186
10.5	Resultate ... 186
10.6	Bespreking van resultate ... 205

HOOFSTUK 11

DIE INVLOED VAN BEMESTING OP DIE SAADPRODUKSIE VAN VYF GRASSPESIES OP HEL- LINGS IN DIE PRETORIA-OMGEWING

11.1	Inleiding ... 211
11.2	Bemesting ... 212
11.3	Versameling van grondmonsters ... 212
11.4	Ontkiemingstudies ... 212
11.5	Resultate ... 213
11.6	Bespreking van resultate ... 233

HOOFSTUK 12

DIE SAADPRODUKSIE VAN VERSKILLENDEN GRASSPESIES WAT GEDURENDE 1974 IN PROEF- PERSELE TE PRETORIA GEVESTIG IS

12.1	Inleiding ... 239
12.2	Die samestelling van die saadmengsels ... 239
12.3	Saadigtheid van individuele spesies ... 240
12.4	Perseelgroottes ... 240
12.5	Bemesting ... 241
12.6	Behandeling van persele ... 241
12.7	Versameling van grondmonsters ... 241
12.8	Ontkiemingstudies ... 241
12.9	Resultate ... 242
12.10	Bespreking van resultate ... 256

HOOFSTUK 13

SAADPRODUKSIE VAN *ERAGROSTIS CURVULA* BY VERSKILLENDEN BEMESTINGSPERSELE

13.1	Inleiding ... 261
13.2	Behandeling wat toegepas is (1974) ... 261

	Bladsy
13.3 Versameling van grondmonsters	263
13.4 Ontkiemingsstudies	263
13.5 Resultate	263
13.6 Bespreking van resultate	302

HOOFSTUK 14

ALGEMENE OPMERKINGS EN AFLEIDINGS

14.1 Inleiding	305
14.2 Die "All-in-One"-tegniek	305
14.3 Saadversameling van spesies wat moontlik vir hervestiging gebruik kan word	306
14.4 Gevolgtrekkings en aanbevelings	307
OPSOMMING	311
SUMMARY..	313
DANKBETUIGINGS	315
LITERATUURVERWYSINGS	316

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING EN HISTORIESE AGTERGROND

1.1.1 Padkonstruksie in Suid-Afrika

Weens die snelle bevolkingsaanwas het verkeer op paaie die afgelope aantal dekades teen 'n geweldige tempo toegeneem. Vir die daarstelling van 'n beter padnetwerk in Suid-Afrika, vind konstruksie van snelweë en provinsiale paaie tans teen 'n hoë tempo plaas. Volgens die Departement van Vervoer was daar gedurende Junie 1978 reeds 673 kilometer dubbelsnelweë in Suid-Afrika in gebruik, en ongeveer 2 400 kilometer in aanbou of in die beplanningstadium. 760 Kilometer nasionale enkelbaanpaaie is reeds oopgestel vir verkeer, ongeveer 200 kilometer is onder konstruksie en ongeveer 400 kilometer is gereed vir konstruksie. 'n Verdere ongeveer 400 kilometer is tans in die beplanningsfase (Martins, 1978, persoonlike mededeling).

Dit word verwag dat ongeveer 7 000 kilometer dubbelsnelweë in die toekoms in Suid-Afrika gebou sal moet word om aan toekomstige verkeersbehoefte te voorsien. Teen die huidige konstruksiekoste sal bogenoemde ongeveer R7 000 miljoen kos, waarvan ongeveer 10% vir die herstel en hervestiging van beskadigde dele aangewend sal word. Weens die omvang van laasgenoemde bedrag is dit noodsaaklik dat doeltreffende herstel- en hervestigingstegnieke toegepas moet word.

Dit is van belang om te vermeld dat die padreserwe 'n groter oppervlakte as die werklike rybane beslaan, en dat 60-70% van die reserwe tydens konstruksie versteur word. Hierdie versteuring wat onder andere grondverskuiwing, kompaksie, topografiese veranderinge, uitgrawings en opvullings insluit, veroorsaak ernstige ekologiese probleme met betrekking tot die herstel en hervestiging van plantegroei op die betrokke lokaliteite.

Aangesien paaie feitlik 'n aaneenlopende netwerk in Suid-Afrika uitmaak, word verskillende en uiteenlopende klimaats-, bodem- en topografiese toestande in die padreserwes verteenwoordig. Derhalwe is die ekologiese probleme in verband met hervestiging uiters gekompliseerd en kan standaard- en eenvormige metodes nie sonder inagneming van lokale toestande toegepas word nie.

In die natuur is grasspesies gewoonlik van die eerste pioniers en ook belangrike grondbedekkers en grondbinders. Derhalwe word grassoorte algemeen vir die herstel van versteurde gebiede in padreserwes gebruik.

Die oogmerk van hierdie ondersoek was onder andere om meer kennis ten opsigte van die ekologiese probleme in verband met hervestiging in nasionale padreserwes te bekom, en om die bestaande tegnieke en praktyke te evalueer.

Weens die relatief beperkte toepaslike literatuur oor hierdie aangeleentheid en die wye uiteenlopende fasette wat ondersoek moes word, is 'n reeks proewe uitgevoer om inligting in verband met die geskiktheid van plantsoorte en tegnieke in verskillende klimaatstreke te verkry. Sommige proewe was slegs steekproewe om sekere tendense te ondersoek en/of idees te evalueer, terwyl ander proewe meer uitgebreid was.

Alhoewel die verband tussen sekere proewe nie opvallend is nie, is heelwat oorkoepelende inligting in verband met sekere ekologiese aangeleenthede soos geskikte spesies, ekologiese tipes, die gebruik van bogrond, stabilisasie van bogrond en bemesting, verkry. Sekere tekortkominge van die bestaande hervestigingstegnieke kon ook geïdentifiseer word. Aangesien die veldwerk in verskillende landstreke uitgevoer is, is inligting in verband met die verskillende bodem- en klimaatstoestande ook verkry.

Afgesien van die veldwerk, is potproewe ook uitgevoer om die saadvoorraad in die bogrond op hellings te bepaal en ook om die reaksie van verskillende grasspesies by verskillende bemestingspeile in verskillende grondsoorte te evalueer. Die invloed van verskillende grondvogpeile op die vitaliteit van enkele grasspesies is ook ondersoek.

Weens die wye verskeidenheid fasette wat op verskillende lokaliteite ondersoek is, word die aanbieding van die resultate bemoeilik, aangesien die proewe wat nie direkte verband het nie, weens die inligting wat bekom is, ietwat kunsmatig chronologies gerangskik moes word.

Ekologiese studies in nasionale padreserwes word sedert 1969 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys uitgevoer. In hierdie verhandeling word die navorsing wat vanaf 1975 tot 1978 uit-

gevoer is, bespreek. Derhalwe sluit dit verskeie ondersoeke in wat voortvloei uit die resultate van voorafgaande proewe.

Dit is derhalwe noodsaaklik om hier 'n kort samevatting van die voorafgaande ondersoek wat deur Dannhauser, 1978, op dieselfde probleem uitgevoer is, te verstrek.

1.1.2 Studies wat in die verlede onderneem is

Met die aanvang van die ekologiese studie in nasionale padreserwes in 1969, is aandag hoofsaaklik aan die evaluering van verskillende inheemse grasspesies vir aanplanting in nasionale padreserwes geskenk. Daar is spesifiek aandag geskenk aan die vestiging van *Eragrostis curvula*, *Tragus berteronianus*, *Rhynchelytrum repens* en *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*. Die ondersoek is aanvanklik in drie lokaliteite uitgevoer, naamlik in die Mooirivierdistrik (Natal), Pretoriadistrik en die Potchefstroomdistrik.

Weens die gebrek aan agtergrondkennis is aanvanklik verskeie steekproewe en later meer uitgebreide proewe onderneem. Die steekproewe is in die Mooirivierdistrik (Natal) en die Pretoria-omgewing onderneem om die invloed van helling, verskillende stabilisasietegnieke, oppervlak-dreineringsring en -erosie en die toediening van bogrond op vestiging te ondersoek.

Die meer uitgebreide proewe het verskeie veld- en potproewe ingesluit om faktore te ondersoek wat die degradasie van hellings veroorsaak. Die invloed van aspek op grondvog, grondtemperatuur en die vestiging van gras is ook ondersoek. Die rol van die bodem by die hervestiging van gras op degraderende hellings, die invloed van bemesting op ontkieming, vestiging, biomassa-produksie, vitaliteit en bedekking het ook aandag geniet.

Insiggewende inligting is uit die ondersoek verkry en sekere tendense kon duidelik vasgestel word. Enkele van die belangrikste bevindings word kortliks vermeld (Dannhauser, 1978):

1.1.3 Die invloed van helling

Die resultate dui daarop dat hellings van 1:1 te steil en ongeskik is vir doeltreffende hervestiging, en dat hellings van 1:2 of selfs 1:3 meer geskik is. 'n Aanbeveling ten opsigte van die hellinggraad kon nie uit die ondersoek gedoen word nie, aangesien dit nie op voldoende lokaliteite ondersoek is nie.

1.1.4 Die invloed van boggrond

Uiteenlopende resultate is met die toediening van boggrond verkry. Daar is gevind dat die noodsaaklikheid van boggrond nie algemeen van toepassing is nie. Die toediening van boggrond op diabaasgrond in die Pretoria-omgewing het nie 'n noemenswaardige invloed op vestiging gehad nie, terwyl dit vestiging van sekere spesies in die Mooirivierdistrik (Natal) bevoordeel het. Daar word egter aanbeveel dat 'n 10 sentimeter laag boggrond toegedien word totdat meer gegewens in dié verband beskikbaar is.

1.1.5 Stabilisasie van hellings

Daar is gevind dat "Green mat" en "Curasol" erosie aanvanklik beperk het, maar 'n ongunstige invloed op vestiging, veral op steiler hellings, gehad het, terwyl 'n strooi- en bitumenbehandeling die vestiging en oorlewing van gras bevoordeel het. Daar is aanbeveel dat degraderende hellings 'n behandeling met strooi en bitumen moet ontvang om die grond te stabiliseer.

1.1.6 Invloed van aspek

Die invloed van aspek op vestiging is op 'n beperkte skaal ondersoek. Daar is gevind dat vestiging in Wes-Transvaal beter op 'n westelike aspek as op 'n oostelike aspek was. In die Pretoria-omgewing was die vestiging weer beter op 'n noordelike as op 'n suidelike aspek. Daar is ook gevind dat grondvogtoestande op die verskillende aspekte verskil. Dit impliseer dat saadmengsels moontlik vir verskillende aspekte by dieselfde lokaliteit in 'n geringe mate aangepas moet word.

1.1.7 Bemesting

Daar is vasgestel dat bemesting die ontkieming, vestiging, biomassa-produksie en bedekking op nuwe, sowel as die degraderende hellings, verbeter. Bemestingspeile is vir die Pretoria-omgewing vir diabaas-, skalie- en granietgronde aanbeveel, naamlik 1 000 kilogram KAN (26%) en 1 000 kilogram superfosfaat (8,3%) per hektaar.

Die aanbeveling vir die Mooirivierdistrik is 115 kilogram ureum (46%), 393 kilogram superfosfaat (8,3%) en 197 kilogram kaliumchloried (50%) per hektaar.

1.1.8 Saadmengsels

Relatief min navorsing in verband met die seleksie van geskikte spesies is onderneem.

Die algemene saadmengsel wat voorheen landswyd gebruik was, het bestaan uit *Cynodon dactylon*, *Eragrostis curvula*, *Chloris gayana* en *Lolium perenne*. In sekere gevalle was *Paspalum notatum* en *Cenchrus ciliaris* ook by die mengsel ingesluit (Dannhauser, 1978).

Op grond van die ondersoek beveel Dannhauser aan dat die volgende saadmengsel gebruik moet word:

<i>Eragrostis curvula</i>	3%
<i>Tragus berteronianus</i>	22%
<i>Rhynchelytrum repens</i>	50%
<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>	25%

1.1.9 Diagnostiese kenmerke van degraderende hellings

Weens die probleem om die hellingtoestand akkuraat (mate van erosie en toestand van bedekking) te beskryf, is 'n sleutel voorgestel waarvolgens hellings na aanleiding van die bedekking, mate van erosie en hoeveelheid bogrond, nasionaal eenvormig geklassifiseer kan word. Die oogmerk is om hellings op 'n eenvoudige wyse te tipeer, sodat geskikte onderhoudsprogramme toegepas kan word.

Bedekking, erosie en bogrond word elk op 'n vierpuntskaal uitgedruk soos in onderstaande tabel aangedui word..

TABEL 1A

BEDEKKING	OPPERVLAKTOESTAND	BOGROND
A	B	C
1. Goeie bedekking	1. Geen erosie	1. Goed teenwoordig (7-10cm)
2. Middelmatige bedekking	2. Middelmatige erosie	2. Middelmatig teenwoordig (5-7cm)
3. Swak bedekking	3. Opvallende erosie	3. Swak verteenwoordig (-4cm)
4. Geen bedekking	4. Ernstige erosie (totale verval)	4. Afwesig

Volgens hierdie sleutel kan die bedekking, oppervlaktoestand en teenwoordigheid van bogrond op hellings deur middel van 'n formule beskryf word. By 'n $A_2B_1C_1$ -helling kom byvoorbeeld 'n middelmatige bedekking, geen erosie en voldoende bogrond voor.

1.2 LITERATUUROORSIG

Daar bestaan min toepaslike Suid-Afrikaanse literatuur oor die probleem van hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede in nasionale padreserwes. Derhalwe moes literatuur oor aanverwante onderwerpe ook noukeurig geraadpleeg word ten einde die staat van kennis oor die herstel van versteurde gebiede in die algemeen te peil.

Dit moet derhalwe beseft word dat die vermelde bronne nie altyd spesifiek op hierdie onderwerp van toepassing is nie maar in breë trekke oor die herstel van beskadigde lokaliteite handel. Die ekologiese beginsels met betrekking tot geskikte plantsoorte, geskikte tegnieke, grondstabilisering en die invloed van klimaats- en bodemtoestande ten opsigte van herstel in die algemeen, is ook in 'n mindere of meerdere mate van toepassing op hierdie studie.

1.2.1 Suid-Afrikaanse literatuur

Die Kamer van Mynwese van Suid-Afrika stel minimum standaarde met betrekking tot die herstel van versteurde gebiede as gevolg van mynaktiwiteite, wat in alle gevalle nagekom moet word. Dit sluit die volgende in:

1.2.1.1 "Omskrywing van algemene standaarde

Dit is noodsaaklik dat die rehabilitasiestandaarde wat toegepas moet word onderwyl mynbouwerkzaamhede aan die gang is sowel as ten opsigte van die ontginde grond nadat mynbouwerkzaamhede daarop gestaak is, omskryf moet word.

Die volgende minimum standaarde moet in alle gevalle gehandhaaf word:

1.2.1.2 Tydens mynbouwerkzaamhede

- (i) Redelike stappe moet gedoen word om lugbesoedeling deur stof of rook van die deklaagmateriaalgebied af te voorkom.

- (ii) Omliggende gebiede wat nie werklik ontgin word nie, moet nie onnodig versteur word nie.
- (iii) Die totale gebied wat deur mynwerkzaamhede versteur is en nog nie gerehabiliteer is nie in soverre dit grondwerk betref, moet op geen bepaalde tydstip groter wees as 'n gebied gelykstaande met die oppervlakte grond wat in 2 jaar versteur is nie.
- (iv) Daar moet nie later as die groeiseisoen wat op die voltooiing van die grondwerk volg, met die vestiging van plantegroei begin word nie.

1.2.1.3 Basiese vereistes

- (i) Die deklaagmateriaal wat van die aanvanklike sny afkomstig is en wat op onontginde grond gegooi word, moet op so 'n wyse daar gegooi word dat die kleinste moontlike grondoppervlakte versteur word. Die buitenste skuinstes van die deklaagmateriaalgebiede moet 'n maksimum helling van 1:3 gegee word.
- (ii) Die deklaagmateriaalhope tussen die vervoerpadslote, die uiteindelijke holte en die slootinbraakmateriaalhope, wat die vernaamste gebied is wat deur 'n stroopmyn beslaan word, moet 'n maksimum helling van 1:10 gegee word.
- (iii) Die wande van die uiteindelijke holte en die vervoerpadslote moet 'n maksimum helling van 1:3 gegee word van die grondoppervlak tot op die dieptes waarop sterk rots bereik word. Die front van die sterk rots moet vertikaal gehou word. Die deklaagmateriaalkant van die holte moet 'n maksimum helling van 1:3 gegee word.
- (iv) Daar moet toegelaat word dat die vervoerpadslote en die uiteindelijke holte tot op die hoogte van die grondwatervlak vol water word. Toegang tot hierdie gebiede moet deur toereikende omheining verhoed word.
- (v) Oor die hele deklaagmateriaalgebied:
 - (a) moet die mynmaatskappy behoorlike oorweging

aan erosiebestrydingspatrone skenk;

- (b) moet kunsmis toegedien word in ooreenstemming met die soort, hoeveelheid en tydkeuse wat deur ontleding van die deklaagmateriaal aangedui word en volgens die vereistes van die soort plante-groei wat gevestig moet word;
 - (c) moet plantegroei gevestig word wat in staat sal wees om die oppervlak toereikend te stabiliseer, en waar dit enigsins moontlik is, moet dit van praktiese ekonomiese aard en waarde wees;
 - (d) moet die mynmaatskappy 'n bepaalde tyd lank na die saai van die plantegroeidekking verantwoordelik wees vir die beheer oor en onderhoud van die plantegroei wat gevestig is, of moet die mynmaatskappy verantwoordelik wees om alle landboukundige aspekte te dek wat op die grond en plantegroei betrekking het, totdat die grond volgens 'n ooreengekome na-ontginningsgrondgebruikplan van die hand gesit word.
- (vi) Die deklaagmateriaal moet op so 'n wyse gestort word dat dit in 'n stabiele toestand is met betrekking tot insakking en hellingstabiliteit.
- (vii) Waar die natuurlike helling van die grondoppervlak, voor mynbouwerksaamhede, dit uitermate moeilik maak om die deklaagmateriaalhope, die uiteindelijke holte en die vervoerpadslote die hellings te gee wat in hierdie afdeling aangedui word, kan die hellings wat gegee word, die aangewese hellings oorskry maar moet hulle van so 'n aard wees dat hulle plantegroei kan dra en erosie verhoed" (Kamer van Mynwese van Suid-Afrika, 1976).

1.2.1.4 Mynbou en die omgewing

Stabilisering van mynhope is noodsaaklik om te voorkom dat mynafval besoedeling veroorsaak. Smith en Bradshaw (1972) huldig die standpunt dat die enigste permanente herwinning

van hierdie afvalstowwe deur 'n plantbedekking bewerkstellig kan word. James (1966) beklemtoon die belangrikheid van 'n selfonderhoudende plantgemeenskap.

Die probleem van stabilisering kan benader word deur van die ekologiese proses van plantsuksessie, deur eers van pionier plante en later van klimaksplante, gebruik te maak.

Alternatiewelik kan die probleem van die hervestiging van plantegroei oorkom word deur die verbetering van die afvalmateriaal deur die giftige komponente uit te loog en kunsmis toe te dien. Hierdie metode is gewoonlik in die beginstadium suksesvol maar daar vind 'n geleidelike agteruitgang van die bedekking plaas nagelang nie-giftige stowwe deur giftige stowwe vanaf die afvalmateriaal gekontamineer word.

Verskeie spesies, onder andere *Cynodon aethiopicus*, *Sporobolus virginicus*, *Paspalum vaginatum* en *Panicum repens* word vir hervestigingsdoeleindes aangewend (Hill, 1978).

Die grootste probleem word ondervind met die hervestiging van plantegroei teen die noordelike hellings. Hoë temperatuur en windtoestande is verantwoordelik vir die vinnige uitdroging van die afvalmateriaal. Suksesvolle hervestiging van plantegroei word verkry deur die toediening van water en kunsmis. Die volgende plantspesies word vir hervestiging gebruik: (James, 1966).

Saad:	<i>Agrostis tenuis</i>
	<i>Bromus catharticus</i>
	<i>Chloris gayana</i>
	<i>Dactylus glomeratus</i>
	<i>Eragrostis curvula</i>
	<i>Holcus lanatus</i>
	<i>Poa pratensis</i>
	<i>Festuca elatior</i>
	<i>Phalaris tuberosa</i>
	<i>Trifolium</i> sp.
	<i>Cynodon dactylon</i>

Paspalum dilatatum
Cenchrus ciliaris
Lolium perenne
Atriplex semibocata
Medicago sativa
Acacia melanoxylon
Acacia baileyana
Acacia mearnsii
Gleditzie tricanthos

Plantjies: *Cynodon plectostachyum*
Cortaderia sellowiana
Kochia brevifolia
Pennisetum macrorum
Carpobrotus edulis.

1.2.1.5 Onderhoud

Dit word noodsaaklik geag om onderhoud op die hellings toe te pas. Dit behels die toediening van landboukalk en ander kunsmis nagelang van die behoeftes. Die onderhoud word toegepas totdat lokale plantegroei die plek van die kommersiële spesies wat gevestig is, ingeneem het. Hierdie stand word 4-5 jaar na vestiging bereik (Cook, 1978).

1.2.1.6 Winderosie

Winderosie is een van die belangrikste faktore wat bydra tot die onstabiliteit van myn hope. Daar word van verskeie metodes gebruik gemaak om tydelike stabilisasie te bewerkstellig. Die mees effektiewe en ekonomiese metode is deur gebruik te maak van *Phragmites communis* wat as windbrekers dien. Stingels word in 'n blok-patroon op die hellings geplant. Die grootte van die blokke word bepaal deur die hellingsgraad. Uitstekende beskerming vir kiemplantjies word op hierdie wyse bewerkstellig (Clausen, 1973).

1.2.1.7 Stroopmynbou

Daar is groot verwagtings dat die gebiede wat deur stroopmynbou versteur word weer later as landbougrond gebruik sal kan word. Hierdie vooruitsig is baie belowend in die geval van stroopmynbou aangesien die uitgewerkte groewe deurlopend opgevul word met grond uit aangrensende uitgrawings. Bogrond word vooraf geberg en weer later oor die versteurde gebiede terug geplaas.

Proewe word deur die betrokke myngroepe onderneem in verband met die hervestiging van plantegroei op hierdie versteurde gebiede. Bemesting word na aanleiding van grondanalises toegedien en saad van spesies soos *Eragrostis curvula* en *Cynodon dactylon* word in Oos-Transvaal gebruik. Daar word ook reeds met die aanplant van boomsoorte, onder meer *Pinus* en *Eucalyptus* spesies geëksperimenteer.

By die stroopmyn van Anglo Power Collieries (Pty) Ltd by Arnot is *Eragrostis curvula* en *Cynodon dactylon* deur middel van saad en steggies onderskeidelik gevestig. Die invloed van bogrond, bemesting, landboukalk en as is ook ondersoek. Vestiging was die beste in die geval waar bogrond, bemesting en kalk toegedien is. Redelike resultate is in die geval waar slegs kunsmis en kalk toegedien is, verkry.

1.2.1.8 Oopgroefmyne

In die geval van oopgroefmyne mag dit onprakties en uiters duur wees om diep uitgrawings weer op te vul. By die Arnot-oopgroefmyn is gedurende die 1975/1976 groeiseisoen proewe uitgevoer om die vestigingsvermoë van *Eragrostis curvula* en *Cynodon dactylon* te evalueer. Die proewe is in noue samewerking met die Kamer van Mynwese, Departement van Landbou Tegniese Dienste en die Departement van Bosbou uitgevoer.

Daar is besluit om kunsmis en landboukalk, sonder die aanwending van bogrond, toe te dien. Elf hektaar op hierdie wyse behandel en hersaai.

Ongewone droogte gedurende November/Desember 1976 het veroorsaak dat die meeste van die saailinge nie kon vestig nie. Gevolglik is besluit om plante met beter wortelstelsels te gebruik en 'n dwerg tipe *Sorghum* is met 'n geringe mate van sukses gevestig. Haver is gedurende die winter met meer sukses gevestig en daar is verwag dat 'n redelike hoeveelheid organiese materiaal geproduseer sou word.

Die vestiging van *Cynodon dactylon* deur middel van steggies en *Panicum schinzii* is voorgestel. Daar is verwag dat hierdie spesies goed gedurende die 1977/1978 groeiseisoen sou vestig (Phillips, 1977).

Proewe is ook deur Optimum Collieries (Pty) Ltd uitgevoer en *Cynodon dactylon*, *Eragrostis curvula*, *Ehrarta calycina*, *Pennisetum* sp., *Paspalum dilatatum* en *Chloris gayana* is op die gelyk oppervlaktes gesaai en twee maal per week benat. Verskeie boomsoorte en ander plante soos *Carpobrotus edulus*, *Kochia brevifolia*, *Atriplex* spp. en *Tamarix gallicar* is met goeie resultate gevestig. Die graad van sukses kan afgelei word uit 'n brief van 'n beampte van die Departement Landbou Tegniese Dienste op Middelburg:

"Ons was beïndruk deur die wyse waarop u die herwinningswyse by die uitgewerkte oopgroef hanteer. Om gras en ander gewasse suksesvol hierop te vestig, sal u die vrugbare bogrond weer op die hellings moet terugplaas. Die grassoorte en ander plante wat op die proefgebied gesaai is toon alreeds dat dit moontlik is".

Gevolgtrekkings in die verband word weerspieël in die volgende:

"However, we are not unconscious of our responsibility to stabilize the ground we are recontouring and we believe that afforestation of the type we have initiated to be the long term solution. We

now have some valuable experience behind us as to the type of tree which thrives under our conditions and we hope, in time, to replace a large area of what was rough vlei into profitable and useful land" (Optimum Collieries (Pty) Ltd. Restoration Programme, May 1977).

1.2.2 Buitelandse Literatuur

Die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede is 'n wêreldwye verskynsel en enorme bedrae geld word jaarliks aangewend vir navorsing in die verband. Hervestiging word nie net in die geval van padkonstruksie onderneem nie, maar ook in ander sektore waar versteuring van die bodem voorkom. Daar kan met 'n groot mate van sekerheid beweer word dat die meeste navorsing in dié verband in die mynsektor voorkom. Daar word gepoog om plantegroei op mynhope in die geval van konvensionele mynaktiwiteite en op die hellings wat by strookmynbou en oopgroefmynbou voorkom, te vestig. Die probleme in verband met hervestiging is ook van toepassing by padkonstruksie.

Alhoewel baie navorsing oor die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede onderneem word is daar min werklike oplossings aan die hand gedoen. Outeurs stel graag die probleme wat ondervind word maar in die meerderheid gevalle word nie pertinente aanbevelings gedoen nie. Navorsingsspanne werk wêreldwyd aan die probleem en uit die verslae kan afgelei word dat die mate van sukses wat verkry word deur verskeie faktore, soos klimaat, aard van die bo- en ondergrond, stabilisasie metodes, spesies en bemesting bepaal word.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat 'n universele behandeling nie op alle versteurde gebiede van toepassing kan wees nie en dat hervestiging op 'n streeksbasis gegrond moet wees. Dit blyk wel dat bogrond van kardinale belang is by die hervestiging van plantegroei (Grogan, Caldwell, Estrada en Skeet, 1978).

In Britanje word verskeie grasspesies en peulgewasse wat in die landbou gebruik word, vir hervestiging aangewend. Dit kan toegeskryf word aan die volgende:

1. daar kan uit 'n groot verskeidenheid spesies gekies word na aanleiding van die aard van die grond, klimatologiese en biologiese toestande;
2. saad is regdeur die jaar beskikbaar;
3. saad is goedkoper as die van spesies wat nie in die landboubedryf gebruik word nie;
4. die saadkwaliteit is gewaarborg;
5. die meeste spesies ontkiem beter;
6. die inisiële groei is vinnig en kompeteer in baie gevalle beter in groepe as nie-landboukundige gewasse;
7. baie van die spesies is meerjarig;
8. die gedrag van die spesies ten opsigte van bestuur (brand, sny, ensovoorts) en ander faktore (beweiding, droogte) is bekend sodat die regte onderhoud praktyke toegepas kan word;
9. die peulgewasse kan stikstof in die grond vaslê;
10. sommige spesies, soos *Melilotus alba*, is gebruik om boor uit die grond te onttrek, en
11. die meeste van die grasspesies en peulgewasse wat gebruik word is deel van die plantegroei van Britanje (Humphries, 1978).

Die seleksie van spesies en saaidigtheid word algemeen gebaseer op landboukundige kriteria wat klimaat, grond en ander faktore aanbetref (Blaser, 1952, Spedding en Diekmahns, 1972).

Landboukundige tegnieke word aangewend vir die voorbereiding van die grond (Hackett, 1977) en waar toegang beperk is, word die spuitzaai metode toegepas (Brooker, 1974). Die voorbereiding van die grond, pH korreksie en bemesting word by spuitzaai nie volgens landboukundige spesifikasies uitgevoer nie en sekere

saadmengsel aanpassings word uitgevoer deur spesies soos *Agrostis tenuis* en *Festuca rubra* in te sluit. Die toleransie van laasgenoemde spesies is hoër ten opsigte van pH, gifstowwe en lae vlakke van minerale voedingstowwe. 'n Saaidigtheid van 150 kg per hektaar word in die meeste gevalle gehandhaaf.

Saadmengsels wat meer as vyf verskillende spesies insluit word oor die algemeen gebruik waar landboudundige metodes nie toegepas word nie. *Lolium multiflorum* word in die meeste gevalle as pionier en grondbinder gebruik.

Ekotipes van *Festuca rubra* en *Agrostis tenuis* wat op mynafvalmateriaal voorkom is versamel en vermeerder en word met groot sukses op mynhope waar swaar metale voorkom, gebruik.

Daar word ook aanbeveel dat natuurlike grasvelde gesny word wanneer die saad ryp is en die hooi dan op versteurde gebiede geplaas moet word. 'n Groot mate van sukses word deur hierdie metode behaal (Green, 1972).

Heterogene saadmengsels word bo 'n homogene mengsel verkies aangiesien verskillende soorte bo- en ondergrond by padkonstruksie voorkom. In Britanje word 'n saadmengsel bestaande uit *Lolium perenne*, *Festuca rubra*, *Poa pratensis*, *Cynosurus cristatus* en *Trifolium repens* deur die Departement Vervoer aanbeveel maar min sukses word behaal as gevolg van fisiese toestand gedurende saadtoediening (helling, aspek, grondtekstuur en klimaat) en later as gevolg van kompetisie en peste (Humphries, 1978).

In die meeste gevalle is dit nie prakties om elke geval afsonderlik te behandel nie, en die gebruik van saadmengsels, wat 'n wye toleransie ten opsigte van die verskeie faktore het, word vir hersaai doeleindes aanbeveel (Rorison, 1969).

Studies om planthervestiging, suksessie en die stabiliteit van plantgemeenskappe by die Colstrip myn in Montana te ondersoek is gedurende 1975 onderneem. Inheemse spesies kon nie met sukses in die betrokke geval gevestig word nie en daar word beweer dat die hervestiging van plantegroei nie maklik uitgevoer sal

kan word nie. Sukses kan alleen verkry word deur die toediening van bogrond, bemesting en saadmengsels en deur doeltreffende bestuur en onderhoud toe te pas (Sindelar, 1978).

Uit die navorsing wat in verskillende lande onderneem word blyk dit dat die mate van sukses by hervestiging uiteenlopende resultate lewer. Dit bevestig die vermoede dat die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede nie op 'n universele basis wat stabilisasie tegnieke, bemesting en saadmengsels aanbetref, uitgevoer kan word nie, maar dat elke geval op meriete bestuur en aanbevelings gemaak moet word. By verskeie outeurs (Humphries, 1978; Rorison, 1969; Cherene, 1978; Plass, 1978) is daar ooreenstemming wat die toediening van bogrond, bemesting en saadmengsels aanbetref. Daar heers ook eenstemmigheid oor die gebruik van spesies wat 'n vinnige innisiële bedekking verskaf en sodoende erosie beperk en beter vogindringing verseker.

Plass (1978) beweer dat die toediening van bogrond een van die belangrikste faktore by die hervestiging van plantegroei is. Hy stel dit soos volg:

"Topsoiling is an important reclamation option where topsoil is more productive than minesoil. Where topsoils are thin and infertile, selected overburden materials or a mixture of soil and overburden rock may be used instead. Topsoiling is intended to improve the physical, chemical, and biological properties of minesoil; its effectiveness depends on the methods used for handling and storage. Topsoiling is a more complex operation than is commonly believed; it should be considered one of several options to maintain or increase minesoil productivity. Standardized methods of comparing productivities of soils and minesols are needed so that decisions can be made about the need for topsoiling. Changes in the chemical, physical and biological properties of important soil types during removal and storage need to be documented, and methods used to apply topsoil need investigation".

1.2.3 Algemene oorsig van metodes en tegnieke vir die hervestiging van plantegroei in Nasionale Padreserwes in Suid-Afrika

1.2.3.1 Inleiding

Die herstel van die versteurde oppervlaktes word, in die geval van nasionale paaie, deur privaatkontrakteurs onderneem, terwyl die hervestiging van plantegroei in die geval van provinsiale paaie hoofsaaklik deur die betrokke Provinsiale Administrasie self onderneem word. Die onderhoud word in albei gevalle deur die betrokke Provinsiale Administrasie toegepas.

Aangesien daar geen bron bestaan waarin die tegnieke en metodes wat in padreserwes toegepas word bespreek word nie, word dit hier kortliks krities gedoen.

1.2.3.2 Oorsig van tegnieke en metodes

Verskillende metodes is, en word tans nog gebruik om plantegroei op ontblote dele van uitgrawings en opvullings te hervestig. Die mees algemene metodes word kortliks bespreek.

1.2.3.2.1 Spuitsaai (hydroseeding)

Dit is die algemeenste metode wat toegepas word en behels die toediening van saad, kunsmis en 'n sellulose emulsie deur middel van water wat onder hoë druk op die versteurde gebiede gespuit word. Hierdie metode word toegepas met of sonder die plasing van 'n dun laagie bogrond (1-3cm) en/of strooi op die versteurde oppervlak.

Die resultate wat met hierdie metode verkry word, hou verband met die aard van die ondergrond, die reënval in die betrokke omgewing, en die steilte van die helling. Normaalweg word bevredigende resultate in die hoër reënvalgebiede verkry waar die ondergrond relatief geskik is om 'n plantbedekking te

onderhou, en waar die helling nie te steil is nie (1:2 en vlakker). Waar hierdie metode egter saam met die toediening van bogrond toegepas word, gaan die meeste van die bogrond binne een of twee seisoene verlore, afhangende van die reënval, helling en bestaande bedekking. Oor die algemeen is hierdie metode nie landswyd suksesvol nie deurdat die bogrond te vinnig verlore gaan (indien aangewend) en die ondergrond van verskeie lokaliteite nie geskik is om 'n voldoende bedekking te onderhou nie.

1.2.3.2.2 Strooilaag en spuitsaai

Saad en kunsmis word in 'n waterstraal deur middel van 'n spuitsaaier op die hellings gespuut. Daarna word 'n laag strooi, met 'n bindmiddel soos bitumen gemeng, en met 'n spesiale masjien oor die helling gestrooi. Die metode lewer bevredigende resultate in sekere hoër reënvalgebiede, byvoorbeeld die Kaapse Skiereiland. In die laer reënvalgebiede en waar swak ondergrondtoestande voorkom, word die doeltreffendheid van die metode bevraagteken.

1.2.3.2.3 Die paal- of dwarsplankiemetode (Gabions)

Dwarsplanke of -pale word horisontaal op 'n verspringende wyse teen die helling in posisie geplaas en met yster of houtpenne in posisie bevestig. Die vertikale spasiering van die planke en/of pale varieer, maar oor die algemeen is die vertikale afstand ongeveer 50 sentimeter tussen die rye.

Na vashegting van die planke of pale word 'n laag bogrond, waarvan die dikte tussen 2-6 cm varieer, tussen die planke of pale aangebring. Saad en kunsmis word deur middel van spuitsaaiing oor die helling gespuut. In sommige gevalle word die pale met draad aanmekaar vasgemaak.

Die metode word algemeen toegepas waar spuitsaai nie bevredigende resultate lewer nie. Die resultate wat met hierdie metode verkry word, wissel van bevredigend tot baie swak na gelang van lokale omstandighede. Oor die algemeen word die bogrond vinnig deur afloopwater verwyder, veral in die hoër reënvalgebiede of waar relatiewe groot hellings voorkom, byvoorbeeld in die Mosselbaai-omgewing. Die bedekking wat verkry word deur gebruik te maak van hierdie metode, wissel van 5% tot 30% in die Humansdorp-omgewing en van 1% tot 5% in die Mosselbaai-omgewing.

1.2.3.2.4 Sintetiese matte

Die metode behels die aanbring van sintetiese matte oor die oppervlak nadat 'n laag bogrond (2-5 cm) aangebring en saad gesaai is.

Dit is 'n algemene verskynsel dat die bogrond onder die sintetiese mat na benede verskuif. In die gevalle waar 'n laag strooi vooraf oor die bogrond aangebring word, vind die verwydering van die bogrond deur afloopwater stadiger plaas. Deur hierdie metode kan daar normaalweg nie voldoende bogrond aangebring en gestabiliseer word waar die ondergrond ongeskik is om plantegroei te onderhou nie.

1.2.3.2.5 Ander metodes

Sifdraad word op dieselfde wyse as die sintetiese matte aangewend. In die Mosselbaai-omgewing is die metode op 'n beperkte skaal toegepas. Nadat 'n laag bogrond en 'n laag strooi op die helling geplaas is, is dit met sifdraad bedek.

Bevredigende resultate (bedekking tot 15%) word aanvanklik met hierdie metode, veral in die laer reënvalgebiede, verkry. Degradasie vind egter teen 'n hoë tempo plaas, aangesien die bogrond verlore gaan en ook nie voldoende is om plantegroei te onderhou waar die ondergrond ongeskik is nie.

Die motorbande word in sommige dele van die Kaapprovinsie gebruik vir die stabilisasie van bogrond en hervestiging van plantegroei. Die motorbande word teen die helling uitgeplaas en met draad en penne in posisie bevestig. Die opening in en tussen die bande word met bogrond opgevul, waarna saad toegedien word. Bevredigende resultate word in sommige gevalle verkry. Een van die nadele van hierdie metode is dat daar nie voldoende bogrond in posisie gehou kan word nie weens die ronde vorm van die motorbande.

Rolle gebruikte doringdraad word op dieselfde wyse as die motorbande teen hellings uitgeplaas en met bogrond oordek. Die bogrond wat deur die rolle in posisie gehou word, is egter nie voldoende vir normale plantegroei nie. Verwydering van bogrond kan in die meeste gevalle nie met hierdie metode bekamp word nie. Die metode is byvoorbeeld in die Mosselbaai-omgewing toegepas en die resultaat was nie bevredigend nie.

Die vernaamste nadele van die bogenoemde metodes is dat daar nie voldoende bogrond vir normale ontwikkeling van plantegroei teen die hellings gestabiliseer kan word nie en dat die afspoel van bogrond en water nie effektief voorkom of tot 'n minimum beperk kan word nie. Verder bevorder nie een van hierdie metodes indringing van afloopwater nie.

Veldsooie, sowel as kikuyu-sooie, (sodding) word redelik algemeen vir hervestigingsdoeleindes toegepas. Die sooie word sonder bogrond op sekere versteurde gebiede uitgeplaas en met ysterpenne en/of spykers in posisie bevestig.

Bevredigende resultate word in die hoër reënvalgebiede verkry, terwyl die resultate onbevredigend in die laer reënvalgebiede is. Die sukses van die vestiging hou ook verband met die aard van die ondergrond en reënval. Erosie en afloopwater word doeltreffend beperk in die geval waar die vestiging suksesvol is, maar die afwesigheid van bogrond is die vernaamste oorsaak van verval.

1.2.3.3 Die verlies van boggrond

Die degradasie van hellings staan in direkte verband met die verlies van boggrond. Die noodsaaklikheid van 'n voldoende boggrondlaag kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien dit noodsaaklik is vir die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede - sandgronde moontlik uitgesonder. Die dikte van die boggrondlaag kan van ongeveer 5-7 cm in die hoë reënvalgebiede, en van ongeveer 7-10 cm in die laer reënvalgebiede varieer, met dien verstande dat dit in posisie gehou moet word (Heslinga, 1968).

Aangesien die bestaande metodes om boggrond te stabiliseer in die meeste gevalle nie bevredigende resultate lewer nie, is ander moontlikhede ondersoek om die leemtes van die bestaande metodes uit te skakel.

'n Tegniek is ontwikkel om grondstabilisasie, hersaai en bemesting in 'n eenmalige behandeling toe te pas. Die metode staan bekend as die "All-in-One"-tegniek en word in hierdie verhandeling bespreek.

Tydens die verloop van hierdie studie is die volgende ondersoek:

1.2.3.4 Eksperimentele werk

Verskeie fasette van die navorsingswerk en bevindings (Dannhauser, 1978) is verder ondersoek, en 'n groter verskeidenheid spesies en stabilisasietegnieke is ondersoek.

Die studies het twee fasette behels, naamlik veldeksperimente in Transvaal en die Oos-Kaap, en laboratoriumstudies by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

1.2.3.4.1 Proefperseelstudies

Proefpersele is op verskillende lokaliteite en verskillende grondsoorte onderneem om verskillende spesies, bemestings- en stabilisasietegnieke te evalueer. Hierdie lokaliteite verteenwoordig twee uiteenlopende klimaatstreke in Suid-Afrika.

1.2.3.4.1.1 Vestigingsproewe met verskillende grasspesies

Die vestiging en aanpassingsvermoë van dertien grasspesies vir moontlike aanplanting in nasionale padre-serwes is in sewe verskillende klimaatstreke ondersoek. Die proefpersele was in Transvaal, Natal en die Kaap-provinsie geleë.

Die vestiging, aanpassingsvermoë en saadproduksie van 39 "ekotipes" van *Eragrostis curvula* is op 'n sanderige helling in die Knysna-omgewing ondersoek.

1.2.3.4.1.2 Die invloed van bemesting op vestiging

Die invloed van bemesting op die vestiging en saadproduksie van ses grasspesies is op twee verskillende aspekte (Noord en Suid) in die Pretoria-omgewing ondersoek.

1.2.3.4.1.3 Evaluasie van verskillende stabilisasietegnieke

Die vestiging en aanpassingsvermoë van vier grasspesies is met behulp van verskillende stabilisasietegnieke op 'n sanderige helling in die Knysna-omgewing ondersoek.

Verskillende stabilisasietegnieke is op kleigrond in die Groot-Brakrivieromgewing ondersoek.

Die "All-in-One"-tegniek as 'n metode om bogrond te stabiliseer, is op graniëgrond in die George-omgewing (Glentana) ondersoek.

Die vestiging en biomassa-produksie van agt grasspesies is in die George-omgewing ondersoek. Die "All-in-One"-tegniek is gebruik om die bogrond te stabiliseer.

1.2.3.4.2 Laboratoriumstudies

Potproewe is in 'n glashuis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onderneem om die volgende aspekte te ondersoek:

Die saad- en biomassaproduksie van nege spesies by verskillende bemestings-, vog- en bodemtoestande;

Die saadproduksie van ses grasspesies in gevestigde persele op noordelike- en suidelike hellings in die Pretoria-omgewing;

Die saadproduksie van verskeie grasspesies en saadmengsels op gevestigde persele in die Pretoria-omgewing;

Die saadproduksie van *Eragrostis curvula* in gevestigde persele wat verskillend bemest is.

1.2.3.4.3 Algemene opmerking

Weens die heterogene aard van die inhoud van die hoofstukke wat volg en die feit dat belangrike beginsels nie altyd pertinent en/of opvallend gestel word nie, en ter wille van duidelikheid aan die leser, word die aandag voor die bespreking van die verskillende eksperimente op die volgende gevestig:

Alhoewel sekere tendense uit die navorsingsresultate afgelei kan word, bestaan daar nog leemtes deurdat die hervestiging van plante op versteurde gebiede nie in al die klimaatstreke van Suid-Afrika ondersoek is nie. Die resultate kan dus nie algemeen word en sonder voorbehoud toegepas word nie.

Weens die geweldige omvang van die studie kon al die tersake aspekte nie ondersoek word nie.

HOOFSTUK 2

DIE AANPASSINGSVERMOË VAN DERTIEN GRASSPESIES OP SEWE VERSKILLEND LOKALITEITE

2.1 Inleiding

Aangesien 'n standaard saadmengsel voorheen landswyd deur die Departement Vervoer vir die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede voorgeskryf is, is hierdie ondersoek uitgevoer. Daar is naamlik vermoed dat die gebruik van een standaard saadmengsel ekologies nie geregtig kan wees nie, derhalwe is die aanpassingsvermoë van 'n aantal spesies in verskillende klimaats- en bodemtoestande ondersoek. Hierdie ondersoek moet egter slegs as 'n steekproef beskou word, want die oogmerke was slegs om 'n aanduiding van die aanpassingsvermoë van die dertien ondersoek spesies op die sewe lokaliteite te verkry. Die sewe lokaliteite verteenwoordig elk verskillende klimaats- en bodemtoestande. Waarom slegs oor die 1974/1975-groeiseisoen gestrek. Die ondersoek is in samewerking met die Gras- en Grondbedekkingstak van die Weidingsvereniging van Suidelike Afrika uitgevoer. Die volgende spesies is in die ondersoek gebruik. In vier gevalle het herhalings van dieselfde spesie voorgekom soos in onderstaande lys aangedui word:

1. *Eragrostis curvula*
2. *Eragrostis abyssinica*
3. *Eragrostis lehmanniana*
4. *Cynodon dactylon* (saad nie uitgedop nie)
5. *Cynodon dactylon* (saad uitgedop)
6. *Chloris gayana*
7. *Lolium multiflorum*
8. *Festuca arundinaceae*
9. *Rhynchelytrum repens* (saad is gedurende 1974 versamel)
10. *Rhynchelytrum repens* (saad is gedurende 1972 versamel)
11. *Chloris virgata*
12. *Tragus berteronianus* (saad is gedurende 1974 in die Bosveld versamel)
13. *Tragus berteronianus* (saad is gedurende 1974 in die Hoëveld versamel)
14. *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*

15. *Eleusine indica* sub sp. *africana*
16. *Enneapogon cenchroides* (saad is gedurende 1974 by Thabazimbi versamel)
17. *Enneapogon cenchroides* (saad is gedurende 1974 by Potchefstroom versamel).

Die saad van die eersgenoemde agt spesies is kommersieel beskikbaar en van handelaars verkry, terwyl die saad van die ander self versamel moes word. Sommige soorte soos *Eragrostis curvula*, *Cynodon dactylon* en *Chloris gayana* word reeds vir etlike jare vir hersaai- en hervestigingsdoeleindes gebruik, terwyl ander soorte soos *Rhynchelytrum repens*, *Chloris virgata*, *Tragus berteronianus*, *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*, *Eleusine indica* sub sp. *africana* en *Enneapogon cenchroides* nie voorheen vir die doel gebruik is nie. Volgens Dannhauser (1978) is hierdie spesies moontlik geskik vir hervestigingsdoeleindes.

2.2 Lokaliteite van proefpersele

Aanplantings is op die volgende lokaliteite uitgevoer:

- 2.2.1 Donkerhoek, ongeveer 20 kilometer oos van Pretoria, langs die Pretoria-Witbanksnelweg.
- 2.2.2 By die hoofkantoor van die firma Irigros, ongeveer 25 kilometer wes van Pretoria, langs die Pretoria-Krugersdorp-snelweg.
- 2.2.3 Potgietersrus, ongeveer 11 kilometer noord van Potgietersrus, langs die Potgietersrus-Pietersburghoofpad.
- 2.2.4 Val, ongeveer 15 kilometer van Val, langs die Leslie-Valpad.
- 2.2.5 Howick-omgewing.
- 2.2.6 Tongaat-omgewing.
- 2.2.7 Wildernis. Die persele is langs die Hoekwille-pad, ongeveer 4 kilometer van die Sedgfield-Wildernishoofpad geleë.

2.3 Uitleg van die proef

Proefblokke van 10 x 10 meter is op elk van die lokaliteite op gelyk grond uitgemeet en omhein. Die uitleg van die proefpersele word in Figuur 1 aangedui. Die bestaande plantegroei is vooraf verwyder sonder om die grond drasties te versteur. Elk van die dertien spesies is in

0,25 x 2 meter-persele gesaai. Die bane tussen die persele was 50 sentimeter wyd. Die saad is gedurende Januarie tot Februarie 1975 soos volg gesaai:

Die grond in die persele is tot op 'n diepte van 2 sentimeter losgemaak en die saad van die onderskeie soorte is met die hand eweredig in elk van die betrokke persele gesaai. Die saad is liggies toegewerk en met 'n gieter benat om 'n stewige saadbed te bewerkstellig. Geen verdere onderhoud is toegepas nie.

Die saaidigtheid was ongeveer 400 kiemkragtige saad per vierkante meter. Dit is bereken volgens die saadmassa, persentasie kiemkrag en suiwerheid. Die volgende massa saad (g) van elke spesie is per perseel gesaai:

1. <i>Eragrostis curvula</i>	- 0,064 g
2. <i>Eragrostis abyssinica</i>	- 0,042 g
3. <i>Eragrostis lehmanniana</i>	- 0,028 g
4. <i>Cynodon dactylon</i> (nie uitgedop nie)	- 0,054 g
5. <i>Cynodon dactylon</i> (uitgedop)	- 0,037 g
6. <i>Chloris gayana</i>	- 0,142 g
7. <i>Lolium multiflorum</i>	- 0,28 g
8. <i>Festuca arundinaceae</i>	- 0,403 g
9. <i>Rhynchelytrum repens</i> (1974-saad)	- 13,48 g
10. <i>Rhynchelytrum repens</i> (1972-saad)	- 46,33 g
11. <i>Chloris virgata</i>	- 6,61 g
12. <i>Tragus berteronianus</i> (Bosveld)	- 0,428 g
13. <i>Tragus berteronianus</i> (Hoëveld)	- 0,424 g
14. <i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>	- 0,835 g
15. <i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>	- 31,92 g
16. <i>Enneapogon cenchroides</i> (Bosveld)	- 0,295 g
17. <i>Enneapogon cenchroides</i> (Hoëveld)	- 3,77 g

2.4 Resultate

Waarnemings en opnames is, waar moontlik, maandeliks gedoen om die aantal plante wat gevestig het, te bepaal. Die resultate verskyn in Tabel 1 en in Figuur 2.


12	<i>Tragus berteronianus</i>		11	<i>Chloris virgata</i>	50 cm	1	<i>Eragrostis curvula</i>	25 cm
							2 m	
13	<i>Tragus berteronianus</i>		10	<i>Rhynchelytrum repens</i>		2	<i>Eragrostis abyssinica</i>	50 cm
14	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		9	<i>Rhynchelytrum repens</i>		3	<i>Eragrostis lehmanniana</i>	
15	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>			-----		4	<i>Cynodon dactylon</i>	
16	<i>Enneapogon cenchroides</i>			-----		5	<i>Cynodon dactylon</i>	
17	<i>Enneapogon cenchroides</i>			-----		6	<i>Chloris gayana</i>	
	-----		8	<i>Festuca arundinacea</i>		7	<i>Lolium multiflorum</i>	

FIGUUR 1 PLAN VAN 'N PROEFBLOK

TABEL 1 OIGTHEID VAN PLANTE OP DIE ONDERSKEIE DATUMS OP DIE SEWE LOKALITEITE

Spesienommer	Donkerhoek				Potgietersrus				Iri= gros	Ton= gaat	Val			Wildernis			Ho= wick	Gemid= aantal plante aan ein= de van proef	Spesies
	3/2 1975	17/3 1975	15/4 1975	Gem.	6/2 1975	14/3 1975	12/4 1975	Gem.	1/4 1975	7/4 1975	23/3 1975	4/5 1975	Gem.	7/5 1975	27/5 1975	Gem.	9/2 1975		
1	47	54	26	42,3	21	34	31	28,6	4	52	6	6	6	0	4	2	200	22,8	<i>Eragrostis curvula</i>
2	28	28	17	24,3	22	36	27	28,3	2	35	12	13	6,5	0	0	0	78	16,1	<i>Eragrostis abyssinica</i>
3	2	2	3	2,3	0	13	9	7,3	4	35	6	6	6	0	0	0	26	9,1	<i>Eragrostis lehmanniana</i>
4	0	0	5	1,6	0	16	11	9	0	20	1	1	1	0	6	3	8	5,7	<i>Cynodon dactylon</i> (saad nie uitgedop nie)
5	5	4	14	7,6	1	14	18	11	7	25	0	0	0	0	2	1	5	8,6	<i>Cynodon dactylon</i> (saad uitgedop)
6	3	5	6	4,6	32	29	34	31,6	14	46	0	4	2	37	42	39,5	48	22,9	<i>Chloris gayana</i>
7	1	12	11	8	2	22	21	15	1	27	2	4	3	0	51	25,5	25	13,2	<i>Lolium multiflorum</i>
8	0	5	6	3,6	0	8	8	5,3	4	58	7	8	7,5	0	0	0	73	13	<i>Festuca arundinacea</i>
9	41	36	24	33,6	42	70	63	58,3	17	101	7	-	7,5	69	38	35,5	91	45,1	<i>Rhynchelytrum repens</i> (1974-saad)
10	214	209	180	201	220	228	218	222	55	194	116	122	119	131	104	117,5	200	151,4	<i>Rhynchelytrum repens</i> (1972-saad)
11	135	131	98	121,3	105	123	107	111,6	39	127	33	33	33	59	69	64	200	82,6	<i>Chloris virgata</i>
12	14	11	12	12,3	18	13	12	14,3	0	40	1	4	2,5	51	46	48,5	34	19,6	<i>Tragus berteronianus</i> (Bosveld)
13	13	12	8	11	20	30	27	25,6	2	43	5	5	5	54	41	47,5	153	22,3	<i>Tragus berteronianus</i> (Hoëveld)
14	13	20	13	15,3	30	48	46	41,3	8	150	0	0	0	0	13	6,5	200	36,8	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>
15	21	14	16	17	4	9	8	7	1	9	21	21	21	0	0	0	22	9,1	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>
16	14	15	5	11,3	7	20	15	14	12	39	3	0	1,5	50	49	49,5	84	21,2	<i>Enneapogon cenchroides</i> (Bosveld)
17	2	3	2	2,3	3	13	11	9	2	27	1	0	0,5	40	20	30	57	11,8	<i>Enneapogon cenchroides</i> (Hoëveld)

GEMIDDELDE STAND: 30,07



FIGUUR 2

STAND VAN DIE SPESIES IN DIE PROEFPERSELE

2.5 Bespreking van resultate

Die resultate word met verwysing na Tabel 1 en Figuur 2 kortliks bespreek. Daar is verwag om 'n stand van 200 plante per halwe vierkante meter (per perseel) te verkry. Die resultate word uitgedruk as 'n persentasie van die verwagte totaal van 200 plante per halwe vierkante meter.

2.5.1 Eragrostis curvula (Kommersiële saad)

Die saad het oor die algemeen nie bevredigend ontkiem nie. 'n Gemiddelde stand van 22,8 plante, naamlik 11,4%, is verkry. Die spesie het veral in die armer grond baie swakker presteer as in die beter grond - vergelyk byvoorbeeld Donkerhoek, Potgietersrus, Irigros, Val en Wildernis, met Tongaat en Howick. Dit was ook opvallend dat uiters min plante die lewensiklus voltooi het, met ander woorde, saad geproduseer het. Wat *Eragrostis curvula* betref, is daar aanduidings dat die spesie in die betrokke lokaliteite (Donkerhoek, Irigros, Val, Wildernis en Potgietersrus) nie op 'n natuurlike wyse sal voortplant nie, aangesien die plante oor die algemeen klein was en nie saad geproduseer het nie.

2.5.2 Eragrostis abyssinica (Kommersiële saad)

Die saad het oor die algemeen nie bevredigend ontkiem nie, maar die plante het oor die algemeen baie goed gevestig en voldoende saad geproduseer. 'n Gemiddeld van slegs 16,1 plante, naamlik 8,0% is verkry. Hierdie spesie kan moontlik in saadmengsels vir Transvaal ingesluit word.

2.5.3 Eragrostis lehmanniana (Kommersiële saad)

Die ontkieming en vestiging was oor die algemeen baie swak. Die plante het geen, of baie min saad geproduseer. 'n Gemiddelde stand van slegs 9,1 plante, naamlik 4,5%, is verkry.

2.5.4 Cynodon dactylon (Kommersiële saad wat nie uitgedop is nie)

Die ontkieming was baie swak by al die lokaliteite. 'n Gemiddelde stand van slegs 5,7 plante, naamlik 2,8%, is verkry. Die plante het oor die algemeen swak gevestig en nie saad geproduseer nie.

2.5.5 Cynodon dactylon (Kommersiële uitgedopte saad)

Die ontkieming was beter as by die nie-uitgedopte saad. 'n Gemiddelde stand van 8,6 plante, 4,3%, is verkry. Die plante het swak gegroei en nie saad geproduseer nie. Ten spyte van die swak ontkieming, is die spesie egter 'n geskikte kandidaat vir hervestigingsdoeleindes, aangesien dit 'n goeie grondbedekker is.

2.5.6 Chloris gayana (Kommersiële saad)

Die vestiging was by sommige van die lokaliteite (byvoorbeeld Potgietersrus (31,6), Tongaat (46) en Wildernis (39,5) beter as by ander lokaliteite (byvoorbeeld Donkerhoek (7,6), Irigros (14) en Val (2)). Die plante het oor die algemeen bevredigend gegroei en saad geproduseer. 'n Gemiddelde stand van 22,9 plante, naamlik 11,4%, is verkry. Hierdie spesie kan moontlik in Natal en in die Oos-Kaap verder vir hervestigingsdoeleindes ondersoek word.

2.5.7 Lolium multiflorum (Kommersiële saad)

Die ontkieming was oor die algemeen baie swak, maar die plante wat gevestig het, het bevredigend gegroei. Geen saad is egter geproduseer nie. 'n Gemiddelde stand van 13,2 plante, naamlik 6,6%, is verkry. By Wildernis (25,7) en Tongaat (27) het hierdie spesie die beste resultate gelewer. Dit kan moontlik in die Oos-Kaap en Natal verder vir hervestigingsdoeleindes ondersoek word.

2.5.8 Festuca arundinacea (Kommersiële saad)

'n Gemiddelde stand van 13 plante, naamlik 6,5%, is verkry. Die saad het oor die algemeen swak ontkiem en swak gevestig. Die beste resultate is by Tongaat (58) en Howick (73) verkry. Die spesie kan moontlik in Natal verder vir hervestigingsdoeleinde ondersoek word.

2.5.9 Rhynchelytrum repens (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie en is gedurende 1974 versamel)

In vergelyking met die ander spesies is redelike gunstige resultate verkry. 'n Gemiddelde stand van 45,1 plante, naamlik 22,5%, is verkry. Slegs by Val (7,5) was die stand swak. By al die lokaliteite het die plante wat gevestig het, saad geproduseer. Dit blyk dus of hierdie spesie (ook vanweë sy natuurlike verspreiding in Suid-Afrika), veral vir warmer lokaliteite in saadmengsels ingesluit kan word.

2.5.10 Rhynchelytrum repens (Die saad is in 1972 versamel)

'n Gemiddelde stand van 151,4 plante, naamlik 75,7%, is verkry. Op al die lokaliteite, behalwe Irigros (55), is 'n baie goeie stand verkry. Baie saad is ook op al die lokaliteite geproduseer. Daar het 'n baie hoër persentasie plante (75,7) van ou saad (1972) as die meer resente saad (1974) gevestig (22,5%). In vergelyking met die ander spesies het *Rhynchelytrum repens* oor die algemeen die beste resultate gelewer.

2.5.11 Chloris virgata (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie en is self versamel)

'n Gemiddelde stand van 82,6 plante, naamlik 41,3%, is verkry. Hierdie spesie het oor die algemeen baie goed presteer. By Donkerhoek (121,3), Potgietersrus (111,6) en Tongaat (127) is die beste resultate verkry, terwyl die vestiging by die ander lokaliteite swakker was. Ten spyte van die swakker stand by die ander lokaliteite (Irigros, Val en Wildernis) het die plante bevredigend gegroei en voldoende saad geproduseer. Uit die

resultate blyk dit dus dat hierdie spesie moontlik 'n geskikte kandidaat vir aanplanting in verskillende klimaatstreke is.

- 2.5.12 Tragus berteronianus (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie en is in die Thabazimbi-omgewing versamel)

'n Gemiddelde stand van 19,6 plante, naamlik 9,6%, is verkry. Oor die algemeen was die vestiging baie swak, behalwe by Wildernis, waar 'n stand van 48,5 plante verkry is. By al die lokaliteite was die saadproduksie bevredigend.

- 2.5.13 Tragus berteronianus (Die saad is in die Potchefstroom-omgewing versamel)

'n Gemiddelde stand van 22,3 plante, naamlik 11,1%, is verkry. Uit die resultate is die duidelik dat 'n beter stand met Hoëveldsaad as met Bosveldsaad verkry is. Daar is ook deurgaans voldoende saad geproduseer. Omdat *Tragus berteronianus* oor die algemeen slegs op versteurde gebiede voorkom, kan hierdie spesie moontlik as 'n pionier in droër dele gebruik word.

- 2.5.14 Aristida congesta sub sp. barbicollis (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie)

'n Gemiddelde stand van 36,8 plante, naamlik 18,4%, is verkry. By Tongaat (159) en Potgietersrus (41,3) het hierdie spesie die beste resultate gelewer. Die plante wat gevestig het, het bevredigend gegroei en voldoende saad geproduseer. Hierdie spesie het oor die algemeen beter as die gemiddelde presteer. Dit is 'n pionier en kan moontlik in die droër dele van Suid-Afrika gebruik word.

- 2.5.15 Eleusine indica sub sp. africana (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie)

'n Gemiddelde stand van 9,1 plante, naamlik 4,5%, is verkry. Die saad het oor die algemeen swak ontkiem, maar die plante

wat gevestig het, het bevredigend gegroei en voldoende saad geproduseer.

- 2.5.16 *Enneapogon cenchroides* (Die saad is nie kommersieel beskikbaar nie en is in die Thabazimbi-omgewing versamel)

'n Gemiddelde stand van 21,1 plante, naamlik 10,5%, is verkry. Die vestiging was oor die algemeen swak, behalwe by Tongaat (39) en Wildernis (49,5), waar 'n redelike stand verkry is. Alhoewel die vestiging by Donkerhoek, Potgietersrus, Irigros en Val swak was, het hierdie spesie in al die gevalle bevredigend gegroei en voldoende saad geproduseer.

- 2.5.17 *Enneapogon cenchroides* (Die saad is in die Potchefstroom-omgewing versamel)

'n Gemiddelde stand van 11,8 plante, naamlik 5,9%, is verkry. Net soos in die geval van Bosveldsaad, is in hierdie geval ook voldoende saad geproduseer. Uit die resultate blyk dit dat die Bosveldsaad 50% beter as die Hoëveldsaad gevestig het.

2.6 Afleidings

Alhoewel die proef slegs oor een seisoen verloop het en derhalwe as 'n steekproef beskou moet word, kan sekere tendense wel daaruit afgelei word.

Sekere spesies het oor die algemeen baie beter resultate as ander gelewer. Die spesies wat op die meerderheid lokaliteite redelik goed gevestig het, is *Rhynchelytrum repens*, *Chloris virgata* en *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*.

Spesies wat net op sekere lokaliteite bevredigend presteer het, is *Chloris gayana*, *Eragrostis curvula*, *Tragus berteronianus* en *Enneapogon cenchroides*.

Spesies wat oor die algemeen swak presteer het, is *Eragrostis lehmanniana*, *Cynodon dactylon*, *Lolium multiflorum*, *Festuca arundinacea*, *Eleusine indica* sub sp. *africana* en *Eragrostis abyssinica*.

Aangesien die proef slegs oor een groeiseisoen gestrek het, word aanbeveel dat hierdie spesies verder ondersoek word en die evaluasie ook na ander klimaatstreke in Suid-Afrika uitgebrei word. Die huidige inligting is te beperk vir enige toepassing of implementering. Die proef het egter die vermoede bevestig dat saadmengsels wel op 'n streeksbasis saamgestel moet word. In die lig van bestaande kennis word aanbeveel dat die volgende toetsmengsels ondersoek word:

2.6.1 Warmer dele van Transvaal

Aristida congesta sub sp. *barbicollis*

Chloris virgata

Enneapogon cenchroides

Eragrostis curvula

Rhynchelytrum repens

Tragus berteronianus

2.6.2 Transvaalse Hoëveld

Chloris gayana

Chloris virgata

Eragrostis curvula

Rhynchelytrum repens

2.6.3 Natal

Aristida congesta sub sp. *barbicollis*

Chloris gayana

Chloris virgata

Eragrostis curvula

Eragrostis lehmanniana

Festuca arundinacea (in hoërliggende gebiede)

Rhynchelytrum repens

2.6.4 Oos-kaap (Tuinroete)

Chloris gayana

Chloris virgata

Cynodon dactylon

Enneapogon cenchroides (teen noordelike hellings)

Eragrostis curvula

Eragrostis lehmanniana

Lolium multiflorum en moontlik ook ander *Lolium*-spesies

Rhynchelytrum repens (teen noordelike hellings)

Tragus berteronianus (teen noordelike hellings)

2.7 Kritiese bespreking

1. Die proef het slegs oor een seisoen gestrek en die resultate is derhalwe nie noodwendig verteenwoordigend nie. Tendense kan egter uit die resultate bespeur word. Voordat enige toepassing oorweeg kan word, moet die voorgestelde toetsmengsels verder ondersoek word.
2. Die proef is op 'n baie beperkte skaal, sonder replikate in die betrokke omgewings uitgevoer, en meer as een persoon was betrokke by die evaluasie. Die gegewens is derhalwe nie baie betroubaar nie.
3. Die aanplanting was nie op hellings nie en dus nie verteenwoordigend van hellingtoestande nie.
4. Grondanalises is nie uitgevoer nie. Die data is moontlik ook nie verteenwoordigend vir die vernaamste grondtipes in die onderskeie streke nie.

HOOFSTUK 3

DIE VESTIGING VAN NEGE GRASSPESIES IN DIE KNYSNA-OMGEWING

3.1 Inleiding

Aangesien die George-Knysna-omgewing hoofsaaklik gedurende die winter reën kry, en die algemene opvatting bestaan dat kontrakteurs verkieslik hervestiging gedurende die somer moet uitvoer, is hierdie proef onderneem om te bepaal of vestiging ook gedurende die winter suksesvol sal wees. Dit was veral noodsaaklik om te bepaal of grassoorte wat hoofsaaklik van somerreënvalstreke afkomstig is, onder die winterreënvaltoestande sou vestig.

Weens die onbevredigende resultate wat verkry is, word die hoofstuk slegs ingesluit om sekere tendense te benadruk en wel dat somer grasspesies nie altyd met 'n groot mate van sukses in die winter gevestig kan word nie.

Voortvloeiend uit die resultate is dieselfde spesies gedurende die somer met meer sukses in ander proewe gevestig.

3.2 Spesies

Die volgende spesies is in die ondersoek gebruik:

1. *Rhynchelytrum repens*
2. *Tragus berteronianus*
3. *Enneapogon cenchroides*
4. *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*
5. *Chloris virgata*
6. *Urochloa panicoides*
7. *Pogonarthria squarrosa*
8. *Eleusine indica* sub sp. *africana*
9. *Pennisetum setaceum*

3.3 Aspekte en grondsoorte

Die ondersoek is in die Knysna-omgewing uitgevoer, en wel op noordelike, suidelike, oostelike en westelike aspekte van uitgrawings en opvullings, op sandgrond en skaliegrond.

3.4 Persele

Daar is van tweemeterwyepersele gebruik gemaak in die gevalle waar voldoende hoeveelhede saad beskikbaar was. Die groottes van die persele word in Tabelle 2 tot 4 verstrek.

3.5 Saadmengsel

Daar is van 'n standaard saadmengsel en individuele soorte gebruik gemaak soos in Tabelle 2 tot 4 aangedui word. Die standaard saadmengsel is soos volg saamgestel:

1. <i>Urochloa panicoides</i>	5,55g
2. <i>Rhynchelytrum repens</i>	27,77g
3. <i>Tragus berteronianus</i>	13,88g
4. <i>Enneapogon cenchroides</i>	13,88g
5. <i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>	22,22g
6. <i>Chloris virgata</i>	16,66g

3.6 Proeflokaliteite

3.6.1 Suidelike helling

Die persele is langs die provinsiale pad tussen Knysna en Sedgfield, ongeveer 5 kilometer van Sedgfield, op sandgrond uitgeplaas. Een-en-twintig persele (Tabel 2), elk twee meter wyd, is teen die helling uitgemeet. Die bestaande bedekking was baie swak (5%) en is nie verwyder nie. Die saadtoediening op die onderskeie persele word in Tabel 2 aangedui. Die saad is liggies toegeheark en geen nasorg is toegepas nie.

3.6.1.1 Grondstabilisering

Direk nadat die saad gesaai en toegehark is, is twee van die persele met 'n bitumen-emulsie behandel. Die bitumen is met 'n gieter oor die persele gegooi, sodat ongeveer 75% van die grondoppervlakte met 'n dun lagie bedek is. Perseel 1 (*Rhynchelytrum repens*) en perseel 2 (saadmengsel) is op hierdie wyse behandel.

TABEL 2 SAADIGTHEID EN PERSEELGROOTTES OP 'N SUIDELIKE HELLING,
LANGS DIE KNYSNA-SEDGEFIELD NASIONALE PAD (MEI 1975)

Perseel	Spesie	Perseelgrootte	Saadigtheid per vk. meter
1	<i>Rhynchelytrum repens</i>	Al die persele was 2 meter wyd en die lengte van die persele was in ooreenstemming met die hoogte van die helling (ongeveer 6m)	100g
2	<i>Tragus berteronianus</i>		30g
3	<i>Enneapogon cenchroides</i>		60g
4	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		50g
5	<i>Chloris virgata</i>		20g
6	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
7	<i>Tragus berteronianus</i>		30g
8	<i>Enneapogon cenchroides</i>		60g
9	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		50g
10	<i>Chloris virgata</i>		20g
11	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
12	<i>Urochloa panicoides</i>		80g
13	Saadmengsel (standaard)		100g
14	<i>Pennisetum setaceum</i>		40g
15	<i>Urochloa panicoides</i>		80g
16	<i>Pogonarthria squarrosa</i>		0,5g
17	Saadmengsel (standaard)		100g
18	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>		70g
19	<i>Pogonarthria squarrosa</i>		0,5g
20	Saadmengsel (standaard)		100g
21	<i>Pennisetum setaceum</i>		40g

3.6.1.2 Resultate

Die persele is gedurende Junie 1977 besoek en slegs in perseel een kon twee *Rhynchelytrum repens*-individue waargeneem word. By die ander persele het geen plante van die ander spesies wat gesaai is, voorgekom nie.

3.6.1.3 Bespreking van resultate

Die swak resultate kan moontlik aan die volgende faktore toegeskryf word:

1. Aangesien die persele gedurende Mei 1975 uitgelê is, kon ontkieming moontlik plaasgevind het alhoewel die spesies nie tydens die winter kon vestig nie.
2. Die saad is gedurende die winter gesaai en die suidelike helling moontlik te koud was vir ontkieming en/of vestiging.
3. Die saad kon weens die klam toestande deur mikroörganismes vernietig geraak het.

Bogenoemde vermoedens word gedeeltelik gestaaf deurdat baie beter resultate met dieselfde saad wat gedurende November gesaai is, verkry is. Laasgenoemde word in hoofstuk 6 bespreek.

3.6.2 Oostelike helling

Die persele is langs die Afdelingsraadpad, tussen die Knysna-Sedgefield nasionale pad en Buffelsbaai, ongeveer 6 kilometer van die nasionale pad, op sandgrond geleë. Vyftien persele, twee meter wyd, is teen die helling uitgelê. Die bestaande plantegroei is verwyder voordat die saad toegedien is. Die saad is op dieselfde wyse as onder 3.6.1 genoem, gesaai. Die saadtoediening word in Tabel 3 verstrekk.

3.6.2.1 Saadmengsel

Die saadmengsel was die standaard saadmengsel (vergelyk 3.5) plus 10g *Pennisetum setaceum*.

3.6.2.2 Grondstabilisasie

Bitumen is op perseel 1 (*Chloris virgata*) en perseel 2 (saadmengsel) toegedien, soos in 3.6.2.2. vermeld word.

TABEL 3 SAAIDIGTHEID EN PERSEELGROOTTES OP 'N OOSTELIKE HELLING
LANGS DIE AFDELINGSRAADPAD NA BUFFELSBAAI (MEI 1975)

Perseel	Spesies	Perseelgrootte	Saaidigtheid per vk.meter
1	<i>Chloris virgata</i>	Al die persele was 3 meter wyd en die lengte van die persele was in ooreenstemming met die hoogte van die helling (ongeveer 7 meter)	20g
2	<i>Tragus berteronianus</i>		30g
3	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
4	<i>Aristida congesta</i>		50g
	sub sp. <i>barbicollis</i>		
5	<i>Enneapogon cenchroides</i>		60g
7	<i>Chloris virgata</i>		20g
7	<i>Tragus berteronianus</i>		30g
8	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
9	<i>Aristida congesta</i>		50g
	sub sp. <i>barbicollis</i>		
10	<i>Enneapogon cenchroides</i>		60g
11	Saadmengsel (standaard)		100g
12	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
13	Saadmengsel (standaard)		100g
14	<i>Pogonarthria squarrosa</i>		0,5g
15	Saadmengsel (standaard)		100g

3.6.2.3 Resultate

Die persele is gedurende Junie 1977 besoek en geen individue van die spesies wat gesaai is, kon waargeneem word nie.

3.6.2.4 Bespreking van resultate

Die vermoede is dat die proef om dieselfde redes as onder punt 3.6.1.3 genoem, misluk het.

3.6.3 Westelike helling

Die proef is langs die Afdelingsraadpad tussen die Knysna-Sedgefield nasionale pad en Buffelsbaai, ongeveer 5 kilometer van die nasionale pad, uitgelê. Vyftien persele, 2 meter wyd, is uitgelê en die bestaande plantegroei is verwyder voordat die saad toegedien is. Die saad is op dieselfde wyse as onder 3.6.1 vermeld, gesaai. Aangesien daar nie voldoende saad van *Chloris virgata* beskikbaar was nie, is dit uit die mengsel weggelaat. In Tabel 4 word die saadtoediening op die onderskeie persele aangedui.

3.6.3.1 Resultate

'n Opname is gedurende Junie 1977 gedoen en geen individue van die spesies wat gesaai is, het voorgekom nie. Dieselfde verklaring as onder 3.6.1.3 genoem, is moontlik ook hier van toepassing.

3.6.4 Oostelike helling

Die proef is teen 'n uitgraving langs die Afdelingsraadpad na Karatara, ongeveer 8 kilometer van die Knysna-Sedgefield nasionale pad, op skaliegrond uitgevoer.

3.6.4.1 Bogronde

'n Tiensentimeterlaag bogronde (waar prakties moontlik) is oor die helling gestrooi.

TABEL 4 SAAIDIGTHEID EN PERSEELGROOTTES OP 'N WESTELIKE HELLING
LANGS DIE AFDELINGSRAADPAD NA BUFFELSBAAI (MEI 1975)

Perseel	Spesie	Perseelgrootte	Saaidigtheid per vk. meter
1	<i>Rhynchelytrum repens</i>	Al die persele was 2 meter wyd en die lengte van die persele was in ooreenstemming met die hoogte van die helling (ongeveer 7 meter)	100g
2	Saadmengsel (standaard)		150g
3	<i>Pennisetum setaceum</i>		40g
4	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		50g
5	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
6	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		50g
7	Saadmengsel 1		150g
8	Saadmengsel 2		100g
9	Saadmengsel 3		150g
10	<i>Pennisetum setaceum</i>		40g
11	Saadmengsel (standaard)		100g
12	<i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i>		50g
13	Saadmengsel (standaard)		100g
14	<i>Rhynchelytrum repens</i>		100g
15	Saadmengsel 4		150g

Saadmengsel 1 - *Tragus berteronianus* + *Enneapogon cenchroides*

Saadmengsel 2 - *Tragus berteronianus* + *Pogonarthria squarrosa*

Saadmengsel 3 - *Enneapogon cenchroides* + *Urochloa panicoides*

Saadmengsel 4 - *Enneapogon cenchroides* + *Pogonarthria squarrosa*

3.6.4.2 Persele

Tien persele, 2 meter wyd, is teen die helling uitgelê nadat die bogrond oor die helling gestrooi is.

3.6.4.3 Saadmengsel

'n Standaard saadmengsel is in al tien persele teen 100g saad per vierkante meter gesaai. Die saad is liggies toegehark en geen nasorg is toegepas nie. Die saadmengsel wat in die proef gebruik is, het bestaan uit:

1. *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis* 11,11g
2. *Chloris virgata* 4,44g
3. *Enneapogon cenchroides* 12,22g
4. *Tragus berteronianus* 11,11g
5. *Urochloa panicoides* 3,88g
6. *Pennisetum setaceum* 10,00g
7. *Pennisetum* sp. 4,44g
8. *Rhynchelytrum repens* 42,77g

3.6.4.4 Resultate

'n Opname is gedurende Junie 1977 uitgevoer om die stand in die onderskeie persele te bepaal. 'n Strookperseel, 71 sentimeter breed, is in die middel van elke perseel (van bo na onder) uitgelê. Hierdie strookperseel is op sy beurt weer van bo na onder in 71 sentimeter persele onderverdeel, sodat opnameleenhede van 71 x 71 sentimeters verkry is. Hierdie opname-persele verteenwoordig elk 'n halwe vierkante meter. Die stand is in elke tweede opname-eenheid bepaal, wat 'n totaal van 10 opname-eenhede per perseel verteenwoordig het.

Slegs die stand van individue van die spesies wat gesaai is, is bepaal. Slegs drie spesies het sodanig gevestig dat hulle in die opname ingesluit is. Die resultate word in Tabelle 5 tot 15 verstrek.

TABEL 5 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 1, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE

Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	1
2	3	3	0
3	1	2	2
4	3	4	3
5	2	2	1
6	4	1	0
7	1	3	2
8	2	0	0
9	3	2	1
10	1	2	1
TOTAAL GEMIDDELD	22 2,2	20 2,0	11 1,1
GEM. M ²	4,4	4,0	2,2

TABEL 6 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 2, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE

Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	3	2	2
2	4	3	1
3	2	0	0
4	3	1	2
5	2	2	0
6	1	0	1
7	0	4	3
8	3	1	0
9	1	0	1
10	2	2	2
TOTAAL GEMIDDELD	21 2,1	15 1,5	12 1,2
GEM. M ²	4,2	3,0	2,4

TABEL 7 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 3, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE			
Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	3	2	2
2	2	3	1
3	4	1	0
4	1	0	0
5	3	2	3
6	2	0	1
7	0	1	2
8	1	2	0
9	2	2	1
10	2	3	3
TOTAAL	20	16	13
GEMIDDELD	2,0	1,6	1,3
GEM. M ²	4,0	3,2	2,6

TABEL 8 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 4, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE			
Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	4	0	3
2	0	2	2
3	2	1	0
4	5	3	0
5	1	0	1
6	2	2	2
7	1	1	2
8	3	1	0
9	4	2	3
10	2	2	1
TOTAAL	24	14	14
GEMIDDELD	2,4	1,4	1,4
GEM. M ²	4,8	2,8	2,8

TABEL 9 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 5, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE			
Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	3	0	2
2	1	2	3
3	2	2	1
4	5	3	0
5	4	1	4
6	3	1	3
7	2	0	1
8	0	2	2
9	2	4	2
10	1	3	3
TOTAAL	23	18	21
GEMIDDELD	2,3	1,8	2,1
GEM. M ²	4,6	3,6	4,2

TABEL 10 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 6, OOSTELIKE HELLING

AANTAL PLANTE			
Opname-eenheid 0,5M ²	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	5	3	2
2	4	5	3
3	0	1	4
4	2	2	1
5	2	4	2
6	1	0	0
7	3	0	0
8	3	1	2
9	2	1	1
10	4	3	1
TOTAAL	26	20	16
GEMIDDELD	2,6	2,0	1,6
GEM. M ²	5,2	4,0	3,2

TABEL 11 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 7, OOSTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	2
2	1	1	0
3	5	2	0
4	4	3	1
5	3	1	2
6	1	4	3
7	0	0	4
8	4	3	0
9	3	3	1
10	2	1	2
TOTAAL	25	18	15
GEMIDDELD	2,5	1,8	1,5
GEM. M ²	5,0	3,6	3,0

TABEL 12 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 8, OOSTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	3	2	1
2	1	3	3
3	4	1	1
4	5	0	4
5	2	2	2
6	1	4	0
7	0	2	0
8	3	1	1
9	4	3	2
10	1	1	1
TOTAAL	24	19	15
GEMIDDELD	2,4	1,9	1,5
GEM. M ²	4,8	3,8	3,0

TABEL 13 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 9, OOSTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	4	5	2
2	3	1	0
3	1	1	3
4	5	2	1
5	2	4	0
6	2	3	4
7	1	1	0
8	3	2	1
9	4	1	2
10	2	0	3
TOTAAL	27	20	16
GEMIDDELD	2,7	2,0	1,6
GEM. M ²	5,4	4,0	3,2

TABEL 14 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 10, OOSTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	4	3	2
2	3	4	4
3	2	2	3
4	1	1	6
5	4	0	0
6	3	0	2
7	0	3	1
8	2	2	0
9	2	1	1
10	1	2	1
TOTAAL	22	18	20
GEMIDDELD	2,2	1,8	2,0
GEM. M ²	4,4	3,6	4,0

TABEL 15 GEMIDDELDE DIGTHEID VAN SPESIES IN VERSKILLEND PERSEEL
TEEN DIE OOSTELIKE HELLING

Perseel	, Gemiddelde aantal plante per halwe vk meter in die perseel		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2,2	2,0	1,1
2	2,1	1,5	1,2
3	2,0	1,6	1,3
4	2,4	1,4	1,4
5	2,3	1,8	2,1
6	2,6	2,0	1,6
7	2,5	1,8	1,5
8	2,4	1,9	1,5
9	2,7	2,0	1,6
10	2,2	1,8	2,0
TOTAAL	23,4	17,8	15,3
GEMIDDELD	2,34	1,78	1,53
GEM. M ²	4,68	3,56	3,06

3.6.4.5 Bespreking van resultate

Die saad is gedurende Mei 1975 gesaai, maar ontkieming het eers gedurende November 1975 plaasgevind. Slegs drie van die agt spesies het gevestig, naamlik *Rhynchelytrum repens* (4,68), *Tragus berteronianus* (3,56) en *Chloris virgata* (3,06) plante per vierkante meter (kyk Tabel 15).

Die swak resultate kan moontlik toegeskryf word aan berg- windtoestande wat gedurende Junie 1975 voorgekom het. Die wind het byna al die bogrond en moontlik ook die meeste van die saad weggewaai. Die plante wat wel gevestig het, het oor die algemeen hul lewensiklus voltooi en voldoende saad geproduseer.

3.6.5 Westelike helling

Die proef is uitgevoer in dieselfde omgewing en grondtipe as wat onder 3.6.4 bespreek is. Die uitleg van persele, plasing van bogrond, saadmengsel, saaidigtheid en toediening van saad is op dieselfde wyse gedoen as op die oostelike helling (sien 3.6.4).

3.6.5.1 Resultate

'n Opname is gedurende Junie 1977, op dieselfde wyse as wat onder 3.6.4.4 bespreek is, uitgevoer. Die resultate verskyn in Tabela 16 tot 26.

TABEL 16 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 1, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	1	2	0
2	3	3	1
3	2	2	3
4	4	1	0
5	1	4	2
6	2	5	0
7	3	2	0
8	1	3	1
9	2	1	2
10	3	2	0
TOTAAL	22	25	9
GEMIDDELD	2,2	2,5	0,9
GEM. M ²	4,4	5,0	1,8

TABEL 17 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 2, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	0	2	1
2	2	0	0
3	1	1	0
4	3	3	2
5	0	4	1
6	2	1	2
7	1	2	0
8	4	0	2
9	0	0	1
10	2	1	0
TOTAAL	15	14	9
GEMIDDELD	1,5	1,4	0,9
GEM. M ²	3,0	2,8	1,8

TABEL 18 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 3, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	0	1	1
2	1	0	0
3	2	1	2
4	0	2	1
5	3	3	0
6	1	0	0
7	2	1	1
8	2	1	2
9	1	2	1
10	1	0	1
TOTAAL	13	11	9
GEMIDDELD	1,3	1,1	0,9
GEM. M ²	2,6	2,2	1,8

TABEL 19 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 4, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	2
2	0	2	1
3	3	0	0
4	1	3	3
5	2	1	0
6	1	2	1
7	2	1	0
8	0	2	1
9	1	2	0
10	2	1	0
TOTAAL	14	15	8
GEMIDDELD	1,4	1,5	0,8
GEM. M ²	2,8	3,0	1,6

TABEL 20 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 5, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	1	1	1
2	0	0	0
3	2	2	0
4	1	0	0
5	2	0	2
6	0	3	1
7	3	1	2
8	1	2	3
9	2	1	0
10	1	1	1
TOTAAL	13	11	10
GEMIDDELD	1,3	1,1	1,0
GEM. M ²	2,6	2,2	2,0

TABEL 21 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 6, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	1
2	0	0	2
3	1	2	0
4	2	1	2
5	3	3	1
6	0	1	0
7	1	4	0
8	2	0	0
9	1	2	2
10	1	0	1
TOTAAL	13	14	9
GEMIDDELD	1,3	1,4	0,9
GEM. M ²	2,6	2,8	1,8

TABEL 22 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 7, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	1
2	0	0	2
3	1	2	0
4	2	3	2
5	3	1	0
6	0	2	3
7	2	0	1
8	1	0	2
9	0	1	0
10	1	1	1
TOTAAL	12	11	12
GEMIDDELD	1,2	1,1	1,2
GEM. M ²	2,4	2,2	2,4

TABEL 23 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 8, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	1
2	3	2	2
3	1	2	1
4	2	1	0
5	1	2	0
6	2	0	2
7	2	0	1
8	3	1	2
9	2	1	1
10	1	1	1
TOTAAL	19	11	11
GEMIDDELD	1,9	1,1	1,1
GEM. M ²	3,8	2,2	2,2

TABEL 24 DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 9, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	1	2
2	1	0	0
3	3	0	1
4	2	2	0
5	1	3	0
6	1	0	1
7	3	2	1
8	2	1	1
9	0	1	0
10	1	0	2
TOTAAL	16	10	8
GEMIDDELD	1,6	1,0	0,8
GEM. M ²	3,2	2,0	1,6

TABEL 25

DIGTHEID PER 0,5M², PERSEEL 10, WESTELIKE HELLING

Opname-eenheid 0,5M ²	AANTAL PLANTE		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2	2	1
2	0	3	0
3	2	1	1
4	3	0	2
5	1	0	0
6	1	2	2
7	2	1	1
8	0	1	0
9	1	2	1
10	2	1	1
TOTAAL	14	13	9
GEMIDDELD	1,4	1,3	0,9
GEM. M ²	2,8	2,6	1,8

TABEL 26

GEMIDDELTE DIGTHEID VAN SPESIES IN DIE VERSKILLEND PER-
SELE TEEN DIE WESTELIKE HELLING

Perseel	Gemiddelde aantal plante per halwe vk meter in die perseel		
	<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Tragus berteronianus</i>	<i>Chloris virgata</i>
1	2,2	2,5	0,9
2	1,5	1,4	0,9
3	1,3	1,1	0,9
4	1,4	1,5	0,8
5	1,3	1,1	1,0
6	1,3	1,4	0,9
7	1,2	1,1	1,2
8	1,9	1,1	1,1
9	1,6	1,3	0,8
10	1,4	1,3	0,9
TOTAAL	15,1	13,5	9,4
GEMIDDELD	1,51	1,35	0,94
GEM. M ²	3,02	2,70	1,88

3.6.5.2 Bespreking van resultate

Slegs drie van die agt spesies het sodanig gevestigig dat hulle in die opname ingesluit kon word. Ontkieming het ook, soos teen die oostelike helling, eers gedurende November 1975 plaasgevind. Die gemiddelde stand was swakker as teen die oostelike helling, naamlik *Rhynchelytrum repens* (3,02), *Tragus berteronianus* (2,7) en *Chloris virgata* (1,88) plante per vierkante meter (kyk Tabel 26). Die swak resultate kan moontlik aan dieselfde oorsake toegeskryf word as wat onder 3.6.4.5 vermeld word.

3.6.5.3 Vestiging teen die westelike en oostelike hellings

Uit die resultate (Tabelle 15 en 26) blyk dit dat meer individue teen die oostelike as teen die westelike helling gevestigig het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan mikroklimatologiese verskille, aangesien die westelike helling se temperatuur hoër is as dié van die oostelike helling en daar moontlik gunstiger grondvogtoestande sal heers. Dannhauser (1978) het soortgelyke resultate gevind en skryf dit toe aan mikroklimaattoestande tussen verskillende aspekte.

Die resultate wat verkry is, regverdig nie 'n statistiese analise nie maar dui duidelik daarop dat winstervestigings, wat hierdie spesies betref, onsuksesvol is.

HOOFSTUK 4

'N EVALUASIE VAN DIE VESTIGINGSVERMOË EN SAADPRODUKSIE VAN 39 "EKOTIPES" VAN ERAGROSTIS CURVULA OP 'N SANDERIGE HELLING IN DIE KNYSNA-OMGEWING

4.1 Inleiding

Eragrostis curvula word algemeen in saadmengsels vir die hervestiging van plantegroei op versteurde gebiede in nasionale padreserwes gebruik. Weens die onbevredigende resultate wat met *Eragrostis curvula* (Ermelotipe) in die steekproewe (Hoofstuk 2) verkry is, is besluit om verskillende "ekotipes" van *Eragrostis curvula* waarvan saad nie kommersieel beskikbaar is nie, vir gebruik in nasionale padreserwes te evalueer. Die Ermelo-"ekotipe" word as standaard gebruik om die prestasie van die ander te evalueer. Die ander "ekotipes" is nie geregistreerde ekotipes nie maar ander ekologiese variasies van die spesie wat van verskillende dele van Suid-Afrika afkomstig is.

4.2 Doel van die proef

Hierdie proef is onderneem om die vestiging, lewenskragtigheid en saadproduksie van *Eragrostis planiculmis* en 39 "ekotipes" van *Eragrostis curvula* in die Knysna-omgewing te bepaal.

4.3 Lokaliteit van die proef

Die proefpersele is langs die Afdelingsraadpad tussen Karatara en die Knysna-Sedgefield nasionale pad, ongeveer 6 kilometer van die aansluiting met die nasionale pad, geleë.

4.4 Uitleg van die proef

'n Oostelike, sanderige helling is vir die proef geselekteer, en 42 persele, 100 x 50 sentimeter, is op die helling uitgemeet. Die verskillende "ekotipes" is met behulp van steggies in die persele geplant. Vyftig steggies is eweredig verspreid in elke perseel geplant. Weens 'n beperkte voorraad steggies kon herhalings van slegs twee "ekotipes" gedoen word.

Na die aanplanting is die persele met 2:3:2 (22), teen die ekwivalent van 300 kilogram per hektaar bemest en goed benat.

Die proef is gedurende Februarie 1976 uitgevoer. Geen verdere nasorg is toegepas nie.

4.5 "Ekotipes"

Die "ekotipes" wat vir die proef gebruik is, verteenwoordig die volgende groepe (Van Zyl, 1976):

4.5.1	Groep I		Treur-tipes
4.5.2	Groep II		Groen Robusta-tipes
4.5.3	Groep III		Blou Robusta-tipes
4.5.4	Groep IV		Chloromelas-Witbank-tipes
4.5.5	Groep V		Conferta-tipes
4.5.6	Groep VI		Ander - byvoorbeeld <i>Eragrostis planiculmis</i>
4.5.7	Groep VII		Ongeklassifiseerde tipes

Die serienommer wat in Tabela 27 tot 35 gebruik word, is slegs 'n verwysingsnommer om die verskillende "ekotipes" aan te toon.

Aangesien die vegetatiewe materiaal van die verskillende "ekotipes" hoofsaaklik van die Rooideplaas-navorsingstasie van Landbou-Tegniese Dienste, verkry is, word die bestaande serienommers (Van Zyl, 1976) vir verwysingsdoeleindes gebruik. 'n Moedertuin is ook op Potchefstroom gevestig en vandaar is aanplantings te George, Pietermaritzburg en Rebokkop, distrik Vredefort, gemaak. Dit was derhalwe noodsaaklik dat 'n eie verwysingstelsel vir hierdie aanplantings daargestel word. In Tabel 27 word die Van Zyl- en die Potchefstroomse verwysingsnommers vir die betrokke tipes verstrek.

TABEL 27 VERTEENWOORDIGING VAN "EKOTIPE"-GRDEPE IN PROEF

4.5.1. Groep I - Treur-tipe

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
14	1	121	Porterville, K.P.
36	3	129	Paarl, K.P.
13	8	210	Piketberg, K.P.
21	9	211	Nasionale Gemsbokpark
25	10	222	V.S.A. vc. "Morpa"
11	11	228	Standaard cv. "Ermelo"
31	33	207	Griekwastad, K.P.

4.5.2 Groep II - Groen Robusta-tipes

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
27	29	5	Kaapprovinsie
28	30	67	Hendrina, Tv1.
28	31	174	Nhabamhlope, Natal
19	7	204	Pearston, K.P.
32	32	205	Middelburg, Tv1.
38	34	218	Onbekend
22	39	227	Mooihoek, Piet Retief, Tv1.
34	41	239	Oslostrand - 1, Natalse
			Suidkus
40	40	240	Oslostrand - 2, Natalse
			Suidkus

TABEL 27 (vervolg)

4.5.3 Groep III - Blou Robusta-tipes

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
3	12	56	Kaapprovinsie
35	25	56	Kaapprovinsie
26	26	84	De Doorns, K.P.
33	27	126	Worcester, K.P.
17	14	150	Makwassie, Tvl.
30	28	166	Pretoria, Tvl.
39	35	224	Tanzanië
41	36	233	Cedara (N70-81)
18	38	234	Cedara (N70-82)
2	37	236	Cedara (N70-84)

4.5.4 Groep IV - Chloromelas-Witbank-tipes

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
4	16	26	Kaapprovinsie
1	17	68	Iowa, V.S.A.
7	18	72	Piketberg, K.P.
10	19	91	Caledon, K.P.
8	20	125	Paneel, K.P.
6	13	141	Bienne Donne, K.P.
5	21	141	Bienne Donne, K.P.
24	22	188	Witbank, cv. "Witbank"

TABEL 27 (vervolg)

4.5.5 Groep V - Conferta-tipes

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
37	42	66	Rhodes Fruit Farm, K.P.

4.5.6 Groep VI - Ander

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Spesie
29	23	219	<i>Eragrostis planiculmis</i>

4.5.7 Groep VII - Onbekende tipes

Perseelno.	Potch.-serieno.	Van Zylserieno.	Herkoms
20	2	128	Simonstad, K.P.
15	4	145	Makwassie, Tv1.
12	5	149	Makwassie, Tv1.
16	6	183	Grootfontein, S.W.A.
5	15	164	Citrusdal, K.P.
23	24	229	Kromdraai

4.6 Opmnames

Opmnames is gedurende November 1976 en Junie 1977 uitgevoer om die volgende te bepaal:

4.6.1 Biomassaproduksie per perseel

4.6.2 Aantal bloeiwyses per perseel

4.6.3 Saadproduksie per perseel

4.6.1 Biomassaproduksie

Al die plante in elke perseel is gedurende Junie 1977 op grondhoogte afgesny, afsonderlik gedroog en geweeg om die biomassa van elke perseel te bepaal.

4.6.2 Aantal bloeiwyses

Die aantal bloeiwyses is gedurende November 1976 genoteer en verwyder om die saadproduksie van elke ekotipe te bepaal.

4.6.3 Saadproduksie

Die saadmassa van elke perseel is afsonderlik bepaal.

4.7 Resultate

Die resultate word in Tabel 28 verstrek.

4.8 Bespreking van resultate

4.8.1 Biomassa

Die biomassa word gerieflikheidshalwe in drie kategorieë bespreek, naamlik:

hoë biomassa (Tabel 29), middelmatige biomassa (Tabel 30) en lae biomassa (Tabel 31).

Die biomassa in Tabelle 29 tot 31 word in gram per plant aangedui.

TABEL 28 BIOMASSA- EN SAADPRODUKSIE VAN DIE VERSKILLEND "EKOTIPES"

Perseel= nommer	Potch.= serie= nommer	Van Zyl= serie= nommer	Herkoms	Aantal bloei= wyses		Saadproduksie (g)		Biomassa (g)	
				Tot.	Per Plant	Tot.	Per Plant	Tot.	Per Plant
14	1	121	Porterville	110	2,2	10,28	0,2056	403	8,06
20	2	128	Simonstad	36	0,72	2,20	0,0440	478	9,56
36	3	129	Paarl	32	0,64	0,62	0,0124	610	12,20
15	4	145	Makwassie	142	2,84	7,74	0,1548	774	15,48
12	5	149	Makwassie	104	2,08	36,46	0,7292	960	19,20
16	6	183	Grootfontein	12	0,24	0,74	0,0148	370	7,40
19	7	204	Pearston	94	1,88	5,80	0,1160	321	6,41
13	8	210	Piketberg	234	4,68	6,04	0,1208	515	10,30
21	9	211	Nasionale Gems= bokpark	18	0,36	0,82	0,0164	466	9,32
25	10	222	Morpa (V.S.A.)	114	2,28	9,50	0,1900	1081	21,62
11	11	228	Ermelo	50	1,0	6,86	0,1372	455	9,10
3	12	56	Kaapprovinsie	16	0,32	0,64	0,0128	299	5,98
6	13	141	Biennie Donne	42	0,84	1,66	0,0332	751	15,02
17	14	150	Makwassie	10	0,2	0,56	0,0112	295	11,90
5	15	164	Citrusdal	88	1,76	5,86	0,1172	446	8,92
4	16	26	Kaapprovinsie	202	4,04	4,94	0,0988	452	9,04
1	17	68	Iowa, V.S.A.	16	0,32	0,38	0,0076	864	17,28
7	18	72	Piketberg	98	1,96	4,24	0,0848	484	9,68
10	19	91	Caledon	46	0,92	6,36	0,1272	804	16,08
8	20	125	Paneel, K.P.	18	0,36	0,70	0,0140	325	6,50
9	21	141	Biennie Donne	146	2,92	15,64	0,3128	659	13,18
24	22	188	Witbank	12	0,24	0,56	0,0112	299	5,98
29	23	219	Onbekend	164	3,28	15,32	0,3064	1072	21,44
23	24	229	Kromdraai	34	0,68	0,58	0,0116	449	8,98
35	25	56	Kaapprovinsie	42	0,84	2,40	0,0480	368	7,36
26	26	84	De Doorns	30	0,60	0,48	0,0096	344	6,88
33	27	126	Worcester	126	2,52	5,08	0,1016	1460	29,20
30	28	166	Pretoria	20	4	0,86	0,0172	479	9,58
27	29	5	Kaapprovinsie	68	1,36	3,98	0,0796	645	12,90
42	30	67	Hendrina	130	2,6	3,80	0,0760	740	14,80

TABEL 28 (vervolg)

Perseel= nommer	Potch.= serie= nommer	Van Zyl= serie= nommer	Herkoms	Aantal bloei= wyses		Saadproduksie (g)		Biomassa (g)	
				Tot.	Per plant	Tot.	Per plant	Tot.	Per plant
28	31	174	Nhabamhlope, Ntl	120	2,4	8,68	0,1736	522	10,44
32	32	205	Middelburg, Tv1	84	1,68	5,18	0,1036	701	14,02
31	33	207	Griekwastad	14	0,28	0,30	0,0060	277	5,54
38	34	218	Onbekend	58	1,16	2,94	0,0588	585	11,70
39	35	224	Tanzanië	42	0,84	3,86	0,0772	349	6,98
41	36	233	Cedara	70	1,4	34,16	0,6832	790	15,80
2	37	236	Cedara	34	0,68	7,80	0,1560	393	7,86
18	38	234	Cedara	58	1,16	11,18	0,2236	496	9,92
22	39	227	Mooihoek, Piet Retief, Tv1	122	2,44	9,80	0,1960	1056	21,12
40	40	240	Oslostrand - 1	66	1,32	5,18	0,1036	756	15,12
34	41	239	Oslostrand - 2	146	2,92	5,20	0,1040	304	6,08
37	42	66	Rhodes Fruit Farm, K.P.	54	1,08	1,88	0,0376	465	9,30

TABEL 29 HOË BIOMASSA (20 TOT 30 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Biomassa (g) per plant
33	27	126	Worcester, K.P.	29,20
25	10	222	Morpa, V.S.A.	21,62
29	23	219	Onbekend	21,44
22	39	227	Mooihoek, Piet Retief	21,12

TABEL 30 MIDDELMATIGE BIOMASSA (10 TOT 20 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Biomassa (g) per plant
12	5	149	Makwassie, W.Tvl.	19,20
1	17	68	Iowa, V.S.A.	17,28
10	19	91	Caledon	16,08
41	36	233	Cedara	15,80
15	4	145	Makwassie, Tvl.	15,48
40	40	240	Oslostrand - 2	15,12
6	13	141	Bienne Donne	15,02
42	30	67	Hendrina	14,80
32	32	205	Middelburg, Tvl.	14,02
9	21	141	Bienne Donne	13,18
27	29	5	Kaapprovinsie	12,90
36	3	129	Paarl	12,20
17	14	150	Makwassie	11,90
38	34	218	Onbekend	11,70
28	31	174	Nhabamhlope, Natal	10,44
13	8	210	Piketberg	10,30

TABEL 31 LAE BIOMASSA (0 TOT 10 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Biomassa (g) per plant
18	38	234	Cedara	9,92
7	18	72	Piketberg	9,68
30	28	166	Pretoria	9,58
20	2	128	Simonstad	9,56
37	42	66	Rhodes Fruit Farm, K.P.	9,30
21	9	211	Nasionale Gemsbokpark	9,32
11	11	228	Ermelo	9,10
4	16	26	Kaapprovinsie	9,04
23	24	229	Kromdraai	8,98
5	15	164	Citrusdal	8,92
14	1	121	Porterville	8,06
2	37	236	Cedara	7,86
16	6	183	Grootfontein, S.W.A.	7,40
35	25	56	Kaapprovinsie	7,36
39	35	224	Tanzanië	6,98
26	26	84	De Doorns	6,88
8	20	125	Paneel, K.P.	6,50
19	7	204	Pearston	6,42
34	41	239	Oslostrand - 1	6,08
3	12	56	Kaapprovinsie	5,98
24	22	188	Witbank	5,98
31	33	207	Griekwastad	5,54

4.8.2 Afleidings

Uit die resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

dat daar 'n baie groot variasie in biomassaproduksie tussen die verskillende "ekotipes" voorkom. Die resultate varieer van gemiddeld 5,54g per plant tot 29,20g per plant,

dat 25 van die "ekotipes" en *Eragrostis planiculmis* beter presteer het as die "Ermelo-ekotipe" (9,10g per plant), wat as die standaard en kontrole gedien het, en ook in hierdie omgewing algemeen vir hervestigingsdoeleindes gebruik word(en)

dat slegs enkele "ekotipes" moontlik geskik vir hervestigingsdoeleindes in dié klimaatstreek is, aangesien die biomassa- en saadproduksie van die meerderheid baie laag was (vergelyk Tabelle 31 en 34).

4.8.3 Aantal bloeiwyses en saadproduksie

Dit is noodsaaklik dat plante wat op hellings aangeplant word, in staat moet wees om voort te plant. Saadproduksie is van kardinale belang vir die instandhouding van 'n bedekking by plante wat nie vegetatief voortplant nie. Hoe hoër die saadproduksie, hoe groter is die moontlikheid dat die spesie sal bly voortbestaan. Daarom was dit ook belangrik om 'n evaluasie van die saadproduksie uit te voer.

Ideaal gesproke moet by die hervestiging van 'n plantbedekking gepoog word om spesies te gebruik wat goeie bedekking lewer, 'n hoë saadproduksie kan handhaaf en kan vestig.

Die aantal bloeiwyses en saadproduksie word gerieflikheidshalwe ook in drie afdelings bespreek, naamlik:

hoë saadproduksie (Tabel 32), middelmatige saadproduksie (Tabel 33) en lae saadproduksie (Tabel 34).

Weens gebrek aan geskikte toerusting is die saad nie uitgedop nie, met ander woorde, die massa verteenwoordig dié van die saad en die kaffies. Die kiemkrag van die saad is ook nie bepaal nie.

TABEL 32 HOË SAADPRODUKSIE (0,2 TOT 0,8 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Saadproduksie (g/plant)
12	5	149	Makwassie, W.Tvl.	0,7292
41	36	233	Cedara	0,6832
9	21	141	Bienne Donne	0,3128
29	23	219	Onbekend	0,3064
18	38	234	Cedara	0,2236
14	1	121	Porterville	0,2056

TABEL 33 MIDDELMATIGE SAADPRODUKSIE (0,1 TOT 0,2 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Saadproduksie (g/plant)
22	39	227	Mooihoek, Piet Retief	0,1960
25	10	222	Morpa, V.S.A.	0,1900
28	31	174	Nhabamhlope, Natal	0,1736
2	37	236	Cedara	0,1560
15	4	145	Makwassie, W.Tvl.	0,1548
11	11	228	Ermelo	0,1372
10	19	91	Caledon	0,1272
13	8	210	Piketberg	0,1208
5	15	164	Citrusdal	0,1172
19	7	204	Pearston	0,1160
34	41	239	Oslostrand - 2	0,1040
40	40	240	Oslostrand - 1	0,1036
32	32	205	Middelburg, Tvl.	0,1036
33	27	126	Worcester	0,1016

TABEL 34 LAE SAADPRODUKSIE (0 TOT 0,1 g/plant)

Perseel= nommer	Potch.= serieno.	Van Zyl= serieno.	Herkoms	Saadproduksie (g/plant)
4	16	26	Kaapprovinsie	0,0988
7	18	72	Piketberg	0,0848
27	29	5	Kaapprovinsie	0,0796
39	35	224	Tanzanië	0,0772
42	30	67	Hendrina	0,0760
38	34	218	Onbekend	0,0588
35	25	56	Kaapprovinsie	0,0480
20	2	128	Simonstad	0,0440
37	42	66	Rhodes Fruit Farm, K.P.	0,0376
6	13	141	Bienne Donne	0,0332
30	28	166	Pretoria	0,0172
21	9	211	Nasionale Gemsbokpark	0,0164
16	6	183	Grootfontein, S.W.A.	0,0148
8	20	125	Paneel, K.P.	0,0140
3	12	56	Kaapprovinsie	0,0128
36	3	129	Paarl	0,0124
23	24	229	Kromdraai	0,0116
24	22	188	Witbank	0,0112
17	14	150	Makwassie, W.Tvl.	0,0112
26	26	84	De Doorns	0,0096
1	17	68	Iowa, V.S.A.	0,0076
31	33	207	Griekwastad	0,0060

4.8.4 Afleidings

Uit ~~Tabelle~~ 32 tot 34 kan afgelei word dat daar 'n groot variasie ten opsigte van saadproduksie van die verskillende "ekotipes" voorkom. Tien "ekotipes" en *Eragrostis planiculmis* het byvoorbeeld meer saad geproduseer as die "Ermelo-ekotipe" (0,1372g per plant) - vergelyk Tabel 33.

4.8.5 Samevatting

Uit Tabel 29 en 32 en 30 en 33 blyk dit dat daar 'n baie noue verband tussen biomassa- en saadproduksie bestaan. Met die uitsondering van een "ekotipe", Van Zyl serienommer 126, Potch.-serienommer 27, het al die "ekotipes" en *Eragrostis planiculmis* wat 'n hoë biomassa- en saadproduksie gehad het, ook 'n hoë saadproduksie gehandhaaf.

'n Aantal "ekotipes" word op grond van die resultate aanbeveel vir hervestigingsdoeleindes op sanderige hellings van die Tuinroete in die Knysna-omgewing (Tabel 35). Die bestaande kennis is te beperk om aanbevelings vir ander grondtipes in die gebied te maak.

TABEL 35

EKOTIPES WAT VIR HERVESTIGING OP SANDERIGE LOKALITEITE IN DIE GEORGE-KNYSNA OMGEWING AANBEVEEL WORD

Potch.-serienommer	Van Zylserienommer	Herkoms
27	126	Worcester, K.P.
10	222	Morpa, V.S.A.
23	219	Onbekend
39	227	Mooihoek, Piet Retief
5	149	Makwassie, W.Tvl.
36	233	Cedara
21	141	Bienne Donne

As gevolg van die tendense wat uit die resultate bespeur kon word, word aanbeveel dat uitgebreide proewe op meer verteenwoordigde grondsoorte in verskillende dele van die land uitgevoer word om die gebruikswaarde van die "ekotipes" te evalueer.

Daar word ook aanbeveel dat 'n aanplanting van die "ekotipes" so gou doenlik in die George-omgewing onderneem word om 'n saadbank vir toekomstige proewe en/of gebruik vir hervestigingsdoeleindes daar te stel.

Volgens Dawson, 1979, (mondelinge mededeling) is 'n aanplanting van 84 "ekotipes" van *Eragrostis curvula* reeds gedurende 1978 in die George-omgewing gedoen. Die prestasie van die verskillende tipes word tans nog geëvalueer. Dit is egter reeds duidelik dat verskeie van die nuwe "ekotipes" baie beter presteer as die Ermelo-tipe.

HOOFSTUK 5

DIE VESTIGING EN AANPASSINGSVERMOË VAN SES LOKALE PIONIER GRASSPESIES OP 'N NOORDELIKE EN SUIDELIKE HELLING IN DIE PRETORIA-OMGEWING

5.1 Doel

Die doel van hierdie proef was om die vestiging en aanpassingsvermoë van verskillende grasspesies by verskillende bemestingspeile op 'n noordelike en suidelike helling in dieselfde gebied te evalueer.

5.2 Lokaliteit

Die proef is langs die Pretoria-Witbanksnelweg (N4), tussen die Botaniese Instituut en die W.N.N.R. in Pretoria, uitgevoer. Albei die hellings was reeds voorheen gespuit-saai en alle plantegroei moes verwyder word tydens die uitleg van die persele.

5.3 Spesies

Die volgende grasspesies is vir die proef gebruik:

1. *Chloris virgata*
2. *Urochloa panicoides*
3. *Eleusine indica* sub sp. *africana*
4. *Rhynchelytrum repens*
5. *Pogonarthria squarrosa*
6. *Tragus berteronianus*

5.4 Persele

Die persele is soos in Figuur 3 aangedui, uitgelê. Die perseelgroottes het gewissel, aangesien daar nie voldoende hoeveelhede saad van al die spesies beskikbaar was nie.

Die oppervlakte van die persele het tussen 10 en 40 vierkante meter teen

4 meter	<i>Tragus berteronianus</i> (0)	1
	<i>Rhynchelytrum repens</i> (100%)	2
	Geen saad en kunsmis toegedien nie (1)	3
	<i>Tragus berteronianus</i> (50%)	4
2 meter	<i>Urochloa panicoides</i> (100%)	5
	<i>Chloris virgata</i> (0)	6
	<i>Rhynchelytrum repens</i> (50%)	7
	<i>Pogonarthria squarrosa</i> (0)	8
1 meter	Geen saad en kunsmis toegedien nie	9
	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i> (50%)	10
	<i>Rhynchelytrum repens</i> (0)	11
	<i>Tragus berteronianus</i> (100%)	12
3 meter	<i>Urochloa panicoides</i> (0)	13
	<i>Chloris virgata</i> (50%)	14
	<i>Urochloa panicoides</i> (50%)	15
	<i>Tragus berteronianus</i> (0)	16
	<i>Pogonarthria squarrosa</i> (100%)	17
	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i> (0)	18
	Geen saad en kunsmis toegedien nie	19
	<i>Chloris virgata</i> (100%)	20
	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i> (100%)	21
	<i>Chloris virgata</i> (0)	22
	Geen saad en kunsmis toegedien nie	23

FIGUR 3 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE LIGGING, BEVESTING EN GROOTTE VAN DIE PERSEEL TEEN DIE NOORDELIKE EN SUIDELIKE

HELLING

noordelike helling en tussen 12 en 48 vierkante meter teen die suidelike helling gewissel (vergelyk Figuur 3). Die persele is langs mekaar in bane (van bo na onder) uitgemeet. Die persele was tussen 1 en 4 meter breed en die lengte was in ooreenstemming met die hoogte van die helling; 10 meter in die geval van die noordelike helling en 12 meter in die geval van die suidelike helling. Weens 'n beperkte saadvoorraad van die meerderheid spesies was die perseelgrootte soos volg aangepas:

1. <i>Pogonarthria squarrosa</i>	- 1 meter wyd
2. <i>Rhynchelytrum repens</i>	- 2 meter wyd
3. <i>Urochloa panicoides</i>	- 2 meter wyd
4. <i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>	- 2 meter wyd
5. <i>Chloris virgata</i>	- 3 meter wyd
6. <i>Tragus berteronianus</i>	- 4 meter wyd

5.5 Saaidigtheid en bemesting

Grondanalises is vooraf uitgevoer en die bemesting is daarvolgens saamgestel. Vir die 100%-bemestingspeil is die ekwivalent van 1 000 kilogram KAN en 1 000 kilogram superfosfaat per hektaar toegedien. Vir die 50%-bemestingspeil is die ekwivalent van 500 kilogram KAN en 500 kilogram superfosfaat per hektaar toegedien. By die 0%-bemestingspeil is geen kunsmis toegedien nie. (Dannhauser, 1978).

Een perseel van elke spesie op die noordelike en die suidelike helling het die 100%-bemestingspeil ontvang. 'n Tweede perseel op elke helling het die 50%-bemestingspeil ontvang en 'n derde perseel op elke helling het geen bemesting ontvang nie (Tabelle 36 tot 63).

Met inagneming van massa, kiemkrag en suiwerheid is gepoog om 400 kiemkrachtige saad per vierkante meter te saai. Die volgende massa saad (gram) is per vierkante meter gesaai:

1. <i>Chloris virgata</i>	- 15g
2. <i>Urochloa panicoides</i>	- 71g
3. <i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>	- 62g
4. <i>Rhynchelytrum repens</i>	- 84g

5. *Pogonarthria squarrosa* - 3,2g
6. *Tragus berteronianus* - 0,9g


Die saad en kunsmis (waar van toepassing) is eweredig oor die persele gestrooi en toegehark. Die saad is tussen 3 Februarie 1975 en 5 Februarie 1975 gesaai. Geen verdere onderhoud is toegepas nie.

5.6 Opnames en resultate

Drie maande na die saaidatum is 'n opname uitgevoer om die stand (digtheid), gemiddelde hoogte en basale bedekking van die plante te bepaal. Die opnames is soos volg gedoen:

'n Strookperseel van 30 sentimeter breed is in die middel van elke perseel (van bo na onder) uitgelê. Hierdie strookperseel is op sy beurt weer van bo na onder in 30 sentimeter persele onderverdeel, sodat opname-eenhede van 30 x 30 sentimeter verkry is. Op hierdie wyse is 900 cm² opname-eenhede gemonster. Om praktiese redes is opnames in elke tweede 30 x 30 sentimeter opname-eenheid teen die noordelike helling en elke derde 30 x 30 sentimeter opname-eenheid teen die suidelike helling uitgevoer (Figuur 4).

Die opnames is uitgevoer om die aantal plante wat gevestig het, die gemiddelde hoogte en basale bedekking (dit wil sê die persentasie grondbedekking) te bepaal. Geen individue van *Urochloa panicoides* kon waargeneem word nie, gevolglik is daar nie opnames in dié betrokke persele uitgevoer nie. Daar is ook nie opnames in persele 3, 9, 19 en 23 uitgevoer nie, aangesien dit nie saad ontvang het nie. Die resultate word in Tabela 37 tot 64 verstrekk.



Strookperseel,
30 cm wyd

FIGUR 4 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN LIGGING VAN OPNAME-EENHEDE IN PERSELE

TABEL 36 LIGGING, GROOTTE EN BEHANDELING VAN DIE PERSELE TEEN DIE
NOORDELIKE EN SUIDELIKE HELLINGS (PRETORIA-OMGEWING)

Perseel	Perseelgrootte (meter) Noordelike aspek	Perseelgrootte (meter) Suidelike aspek	Bemesting %	Spesie
1	4 x 10	4 x 12	0	<i>Tragus berteronianus</i>
2	2 x 10	2 x 12	100	<i>Rhynchelytrum repens</i>
3	1 x 10	1 x 12	-	Geen saad en kunsmis is toegedien nie
4	4 x 10	4 x 12	50	<i>Tragus berteronianus</i>
5	2 x 10	2 x 12	100	<i>Urochloa panicoides</i>
6	3 x 10	3 x 12	0	<i>Chloris virgata</i>
7	2 x 10	2 x 12	50	<i>Rhynchelytrum repens</i>
8	1 x 10	1 x 12	0	<i>Pogonarthria squarrosa</i>
9	1 x 10	1 x 12	-	Geen saad en kunsmis is toegedien nie
10	2 x 10	2 x 12	50	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>
11	2 x 10	2 x 12	0	<i>Rhynchelytrum repens</i>
12	4 x 10	4 x 12	100	<i>Tragus berteronianus</i>
13	2 x 10	2 x 12	0	<i>Urochloa panicoides</i>
14	3 x 10	3 x 12	50	<i>Chloris virgata</i>
15	2 x 10	2 x 12	50	<i>Urochloa panicoides</i>
16	4 x 10	4 x 12	0	<i>Tragus berteronianus</i>
17	1 x 10	1 x 12	100	<i>Pogonarthria squarrosa</i>
18	2 x 10	2 x 12	0	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>
19	2 x 10	2 x 12	-	Geen saad en kunsmis is toegedien nie
20	3 x 10	3 x 12	100	<i>Chloris virgata</i>
21	2 x 10	2 x 12	100	<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>
22	3 x 10	3 x 12	0	<i>Chloris virgata</i>
23	2 x 10	2 x 12	-	Geen saad en kunsmis is toegedien nie

TABEL 37 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 1 OP DIE NOORDELIKE HELLING. GEEN BEMESTING IS
TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basal bedekking
1	-	-	-
2	-	-	-
3	-	-	-
4	-	-	-
5	12	5	10
6	15	3	5
7	0	-	-
8	9	2	5
9	26	4	5
10	15	8	15
11	32	5	5
12	15	7	5
13	8	5	3
14	3	2	2
15	2	7	5
16	13	8	10
17	15	7	15
TOTAAL	165	63	85
GEMIDDELD	9,71	3,71	5

TABEL 38 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM*
REPENS IN PERSEEL NO. 2 OP DIE NOORDELIKE HELLING; VDL=
LE BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid .	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	29	6	20
2	37	10	40
3	9	5	10
4	4	8	5
5	8	10	10
6	2	10	5
7	26	20	40
8	26	30	60
9	16	15	30
10	30	18	40
11	19	6	10
12	15	15	30
13	9	20	20
14	10	15	15
15	12	15	20
16	15	20	30
17	15	17	30
TOTAAL	282	240	415
GEMIDDELD	16,59	14,12	24,41

TABEL 39 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
 IN PERSEEL NO. 4 OP DIE NOORDELIKE HELLING. 50%-BEMESTING. IS
TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	3	2	2
2	32	8	20
3	5	6	5
4	23	12	15
5	17	12	10
6	4	15	5
7	12	10	7
8	26	11	15
9	17	8	10
10	13	6	5
11	9	8	10
12	27	18	20
13	40	22	20
14	27	20	33
15	48	24	40
16	30	23	35
TOTAAL	333	205	252
GEMIDDELD	20,81	12,81	15,75

TABEL 40 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *CHLORIS VIRGATA*
IN PERSEEL NO. 6 OP DIE NOORDELIKE HELLING, GEEN BEMESTING
IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte	% basale bedekking
1	4	3	3
2	5	2	3
3	4	3	5
4	2	5	3
5	0	0	0
6	18	3	5
7	5	3	2
8	13	3	5
9	21	7	10
10	9	4	3
11	3	5	3
12	6	7	3
13	12	6	2
14	17	12	10
15	15	15	15
TOTAAL	134	78	72
GEMIDDELD	8,93	5,20	4,8

TABEL 41 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM*
REPENS IN PERSEEL NO. 7 OP DIE NOORDELIKE HELLING, 50%-
BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	7	2	2
2	32	10	20
3	25	18	40
4	18	20	40
5	16	20	30
6	25	25	30
7	26	20	40
8	16	20	25
9	24	25	30
10	20	10	10
11	8	10	5
12	20	20	20
13	20	22	30
14	13	25	40
TOTAAL GEMIDOELD	270 19,29	247 17,64	362 25,86

TABEL 42 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *POGONARTHRIA*
SQUARROSA IN PERSEEL NO. 3 OP DIE NOORDELIKE HELLING,
GEEN BEMESTING IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	0	0	0
2	75	2	10
3	47	2	5
4	18	2	2
5	40	1	2
6	15	1	1
7	50	1	5
8	115	2	15
9	71	2	10
10	77	3	10
TOTAAL	508	16	60
GEMIDDELD	50,8	1,6	6,0

TABEL 43 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *ELEUSINE INDICA*
SUB SP. *AFRICANA* IN PERSEEL NO. 10 OP DIE NOORDELIKE HEL-
LING, 50%-BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	5	15	10
2	15	22	25
3	9	20	25
4	13	30	30
5	8	25	10
6	15	40	35
7	17	45	60
8	12	45	35
9	14	50	40
10	17	50	40
11	10	45	40
TOTAAL	135	387	350
GEMIDDELD	12,27	35,18	31,82

TABEL 44 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM*
REPENS IN PERSEEL NO. 11 OP DIE NOORDELIKE HELLING, GEEN
BEMESTING IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	0	0	0
2	19	2	5
3	27	2	5
4	25	5	15
5	29	4	10
6	87	5	20
7	53	5	15
8	9	5	5
9	14	6	5
10	30	7	10
11	75	8	20
12	30	8	15
TOTAAL	398	57	125
GEMIDDELD	33,17	4,75	10,42

TABEL 45. DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 12 OP DIE NOOROELIKE HELLING. VOLLE BEMESTING
IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	21	9	10
2	40	14	25
3	19	9	20
4	11	12	15
5	25	15	40
6	12	15	15
7	15	16	20
8	9	10	10
9	21	10	25
10	3	10	5
11	0	0	0
12	2	3	2
TOTAAL	178	123	187
GEMIDDELD	14,83	10,25	15,58

TABEL 46 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERO-*
NIANUS IN PERSEEL NO. 16 OP DIE NOORDELIKE HELLING. GEEN

BEMESTING IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	2	5	5
2	3	5	3
3	4	10	20
4	4	10	15
5	5	12	20
6	1	10	5
7	1	10	5
8	6	10	15
TOTAAL	26	72	88
GEMIDDELD	3,25	9	11

TABEL 47 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *POGONARTHRIA*
SQUARROSA IN PERSEEL NO. 17 OP DIE NOORDELIKE HELLING.

VOLLE BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	43	11	50
2	33	13	50
3	65	21	65
4	70	25	50
5	50	19	40
6	60	23	50
7	46	17	55
8	63	18	60
9	52	21	55
10	45	19	50
TOTAAL	527	187	525
GEMIDDELD	52,7	18,7	52,5

TABEL 48 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *CHLORIS VIRGATA*
IN PERSEEL NO. 20 OP DIE NOORDELIKE HELLING. VOLLE BEMES-
TING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	6	30	30
2	4	35	20
3	11	45	25
4	14	50	25
5	8	35	10
6	7	45	10
7	10	50	20
8	18	60	40
9	7	50	15
TOTAAL	85	400	195
GEMIDDELD	9,44	44,44	21,57

TABEL 49 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *ELEUSINE INDICA*
SUB SP. *AFRICANA* IN PERSEEL NO. 21 OP DIE NOORDELIKE HEL=
LING. VOLLE BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	0	0	0
2	1	2	5
3	8	5	20
4	9	6	20
5	15	15	40
6	13	18	60
7	11	10	20
8	6	10	10
9	6	10	10
10	9	12	15
11	19	20	35
12	18	22	60
13	10	24	60
14	25	30	90
15	26	30	80
TOTAAL	176	214	525
GEMIDDELD	11,73	14,27	35

TABEL 50 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 1 OP DIE SUIDELIKE HELLING. GEEN BEMESTING IS
TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	11	3	3
2	15	5	5
3	18	6	10
4	8	3	3
5	16	7	5
6	9	3	3
7	7	3	2
8	14	5	5
9	20	6	10
10	16	5	5
11	10	6	5
12	12	4	5
13	20	6	8
14	31	6	10
TOTAAL	208	68	79
GEMIDDELD	14,86	4,86	5,64

TABEL 51 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM*
REPENS IN PERSEEL NO. 2 OP DIE SUIDELIKE HELLING. VOLLE
BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	10	30	20
2	20	35	25
3	18	50	30
4	20	40	20
5	19	30	15
6	10	20	10
7	7	15	5
8	9	12	5
9	13	15	10
10	30	20	20
11	34	25	30
12	13	20	20
13	12	25	15
14	12	25	15
TOTAAL	227	362	240
GEMIDDELD	16,21	25,86	17,14

TABEL 52 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 4 OP DIE SUIDELIKE HELLING. 50%-BEMESTING IS
TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	8	12	10
2	12	13	10
3	7	8	5
4	8	16	10
5	24	13	15
6	35	15	20
7	27	15	20
8	15	10	10
9	16	10	5
10	13	11	5
11	19	12	10
12	18	9	5
13	11	15	10
TOTAAL	213	159	135
GEMIDDELD	16,38	12,23	10,38

TABEL 53 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *CHLORIS VIRGATA*
IN PERSEEL NO. 6 OP DIE SUIDELIKE HELLING. GEEN BEMES=
TING IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	14	13	10
2	19	15	20
3	28	25	30
4	7	12	5
5	12	4	3
6	23	10	10
7	0	0	0
8	16	9	10
9	6	8	5
10	19	12	10
11	18	15	10
12	7	10	5
TOTAAL GEMIDDELD	169 14,08	133 11,08	118 9,83

TABEL 54 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM*
REPENS IN PERSEEL NO. 7 OP DIE SUIDELIKE HELLING. 50%-
BEVESTIGING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	116	3	5
2	130	3	5
3	80	4	5
4	50	3	3
5	56	4	5
6	35	2	3
7	59	2	5
8	52	2	3
9	61	2	5
10	72	3	5
TOTAAL	711	28	44
GEMIDDELD	7,11	1,8	4,4

TABEL 55 · DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *POGONARTHRIA*
SQUARROSA IN PERSEEL NO. 8 OP DIE SUIDELIKE HELLING.
GEEN BEMESTING IS TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	16	22	15
2	23	30	20
3	12	20	10
4	14	15	10
5	36	30	40
6	7	15	5
7	6	12	5
8	10	20	10
9	12	10	5
10	25	7	10
11	23	20	20
TOTAAL	184	201	150
GEMIDDELD	16,73	18,27	13,64

TABEL 56 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *ELEUSINE INDICA*
SUB SP. *AFRICANA* IN PERSEEL NO. 10 OP DIE SUIDELIKE HEL=
LING. 50%-BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	8	15	10
2	7	20	10
3	8	25	10
4	12	30	10
5	7	35	10
6	19	35	30
7	15	23	15
8	10	20	10
9	10	15	5
10	8	10	5
11	8	15	10
12	19	25	30
13	11	30	20
TOTAAL GEMIDDELD	142 10,92	298 22,92	175 13,46

TABEL 57 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *RHYNCHELYTRUM REPENS*
IN PERSEEL NO. 11 OP DIE SUIDELIKE HELLING. GEEN BEMESTING IS
TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	9	5	5
2	38	10	15
3	30	10	15
4	23	8	5
5	13	7	5
6	25	5	3
7	25	6	5
8	18	4	5
9	32	8	10
10	18	10	15
TOTAAL GEMIDDELO	231 23,1	73 7,3	83 8,3

TABEL 58 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 12 OP DIE SUIDELIKE HELLING. VOLLE BEMESTING
IS TOEGEOIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	17	15	5
2	12	12	5
3	43	15	10
4	17	12	10
5	15	10	5
6	8	10	3
7	14	11	4
8	8	9	3
9	6	10	3
10	12	12	5
11	6	9	3
12	8	12	5
TOTAAL GEMIDDELD	166 13,83	137 11,42	61 5,08

TABEL 59 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *TRAGUS BERTERONIANUS*
IN PERSEEL NO. 16 OP DIE SUIDELIKE HELLING. GEEN BEMESTING IS
TOEGEDIEN NIE

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	10	11	15
2	8	12	10
3	7	8	5
4	5	7	5
5	17	12	20
6	13	11	15
7	14	8	15
8	22	11	10
9	8	9	10
10	10	6	5
11	8	7	5
12	26	13	40
13	36	14	60
TOTAAL GEMIDDELD	184 14,15	129 9,92	215 16,54

TABEL 60 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *POGONARTHRIA*
SQUARROSA IN PERSEEL NO. 17 OP DIE SUIDELIKE HELLING.
VOLLE BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	36	19	60
2	47	23	50
3	61	24	60
4	53	18	35
5	41	20	50
6	71	24	50
7	59	26	70
8	37	18	70
9	48	25	70
10	61	16	60
11	73	10	20
12	66	23	60
13	69	18	65
TOTAAL	722	264	720
GEMIDDELD	55,54	20,31	55,38

TABEL 61 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *CHLORIS VIRGATA*
IN PERSEEL NO. 20 OP DIE SUIDELIKE HELLING. VOLLE BEMES=
TING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	37	55	20
2	28	60	30
3	28	55	20
4	25	50	25
5	24	55	20
6	18	50	15
7	20	40	10
8	20	60	20
9	14	50	10
10	14	20	5
11	15	40	10
12	34	60	60
TOTAAL	277	595	245
GEMIDDELD	23,08	49,58	20,42

TABEL 62 DIE STAND, HOOGTE EN BASALE BEDEKKING VAN *ELEUSINE INDICA*
SUB SP. *AFRICANA* IN PERSEEL NO. 21 OP DIE SUIDELIKE HEL=
LING. VOLLE BEMESTING IS TOEGEDIEN

Opname-eenheid	Aantal plante per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	% basale bedekking
1	6	6	10
2	15	30	30
3	15	35	40
4	15	40	40
5	15	35	25
6	19	30	20
7	10	15	15
8	14	10	10
9	15	10	30
10	7	10	10
11	9	11	10
12	9	15	10
13	13	16	15
TOTAAL	162	263	265
GEMIDDELD	12,46	20,23	20,38

Die resultate van Tabelle 37 tot 52 word in Tabel 63 saamgevat.

TABEL 63 BEHANDELING, GEMIDDELDE STAND, GEMIDDELDE HOOGTE EN GEMID-
DELDE BASALE BEDEKKING VAN PERSELE OP DIE NOORDELIKE HEL-
LING

Spesies	Bemestingspeil %	Gem. stand per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	Gem. basale bedekking %
<i>Tragus berteronianus</i>	0	9,71	3,71	5
	0	3,25	9	11
	50	20,81	12,81	15,75
	100	14,83	10,25	15,58
<i>Rhynchelytrum repens</i>	0	33,17	4,75	10,42
	50	19,29	17,64	25,86
	100	16,59	14,12	24,41
<i>Eleusine indica</i> sub <i>sp. africana</i>	50	12,27	35,18	31,82
	100	11,73	14,27	35
<i>Chloris virgata</i>	0	8,93	5,20	4,8
	100	9,44	44,44	21,67
<i>Pogonarthria squarrosa</i>	0	50,8	1,6	6,0
	100	52,7	18,7	52,5

BEMESTING

- 100% = 1 000 kilogram KAN per hektaar en 1 000 kilogram superfosfaat per hektaar.
 50% = 500 kilogram KAN per hektaar en 500 kilogram superfosfaat per hektaar.
 0% = Geen bemesting.

Die resultate van Tabele 53 tot 62 word in Tabel 64 saamgevat.

TABEL 64 BEHANDELING, GEMIDDELTE STAND, GEMIDDELTE HOOGTE EN
GEMIDDELTE BASALE BEDEKKING VAN PERSELE OP DIE SUI-
DELIKE HELLING

Spesies	Bemestingspeil %	Gem. stand per 900 cm ²	Gem. hoogte (cm)	Gem. basale bedekking %
<i>Tragus berteronianus</i>	0	14,86	4,86	5,64
	0	14,15	9,92	16,54
	50	16,38	12,23	10,38
	100	13,83	11,42	5,08
<i>Rhynchelytrum repens</i>	0	23,1	7,3	8,3
	50	7,11	2,8	4,4
	100	16,21	25,86	17,14
<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>	50	10,92	22,92	13,46
	100	12,46	20,23	20,38
<i>Chloris virgata</i>	0	14,08	11,08	9,83
	100	23,08	49,58	20,42
<i>Pogonarthria squarrosa</i>	0	16,73	18,27	13,64
	100	55,54	20,31	55,38

BEMESTING

100% = 1 000 kilogram KAN per hektaar en 1 000 kilogram superfosfaat per hektaar.

50% = 500 kilogram KAN per hektaar en 500 kilogram superfosfaat per hektaar.

0% = Geen bemesting.

5.7 Variansie-analises

'n Variansie-analise vir die stand, hoogte en bedekking is slegs vir *Tragus berteronianus* en *Rhynchelytrum repens* uitgevoer, aangesien nie voldoende data vir *Eleusine indica* sub sp. *africana*, *Chloris virgata* en *Pogonarthria squarrosa* beskikbaar was nie. Die data word in Tabelle 65 tot 67 verstrek.

TABEL 65 VARIANSIE-ANALISE VAN *RHYNCHELYTRUM REPENS* EN *TRAGUS BERTERONIANUS* VIR DIE GEMIDDELTE STAND IN DIE VERSKILLENDE OPNAME-EENHEDE BY DRIE BEMESTINGSPEILE (0%, 50%, 100%) OP 'N NOORDE-LIKE EN SUIDELIKE HELLING BY $p \leq 0,05$

Bron van variasie	Som van vierkante	Vryheidsgrade	Gem. van vierkante	F	P-waarde
Gemiddeld	79052,50000	1	79052,50000	432,70972	0,0
Spesies	8602,36328	1	8602,36328	47,08676	0,000*
Bemesting	7551,49219	2	3775,74609	20,66730	0,000*
Helling	1833,12109	1	1833,12109	10,03396	0,002*
SB	3986,86719	2	1993,43359	10,91146	0,000
SH	1882,82031	1	1882,82031	10,30599	0,002
BH	5520,51172	2	2760,25586	15,10882	0,000
SBH	9064,38281	2	4532,19141	24,80786	0,000
Fout	27221,07031	149	182,69174		

SB = interaksie tussen spesies en bemesting.

SH = interaksie tussen spesies en helling.

BH = interaksie tussen bemesting en helling.

SBH = interaksie tussen spesies, bemesting en helling.

* = betekenisvolle verskil by $p \leq 0,05$.

TABEL 66

VARIANSIE-ANALISE VAN *RHYNCHELYTRUM REPENS* EN *TRAGUS BER-*
TERONIANUS VIR DIE GEMIDDELDE HOOGTE IN DIE VERSKILLEND
 OPNAME-EENHEDE BY DRIE BEMESTINGSPEILE (0%, 50%, 100%) OP
 'N NOORDELIKE EN SUIDELIKE HELLING BY $p \leq 0,05$

Bron van variasie	Som van vierkante	Vryheids= grade	Gem. van vierkante	F	P-waarde
Gemiddeld	17710,53125	1	17710,53125	642,09839	0,0
Spesies	320,89063	1	320,89063	11,63395	0,001*
Bemesting	2788,32422	2	1394,16211	50,54559	0,000*
Helling	1,51563	1	1,51563	0,05495	0,851NB
SB	891,77734	2	445,88867	16,16577	0,000
SH	5,68750	1	5,68750	0,20620	0,650
BH	1366,74219	2	683,37109	24,77574	0,000
SBH	1033,51953	2	516,75977	18,73521	0,000
Fout	4109,75781	149	27,58226		

SB = interaksie tussen spesies en bemesting.

SH = interaksie tussen spesies en helling.

BH = interaksie tussen bemesting en helling.

SBH = interaksie tussen spesies, bemesting en helling.

* = betekenisvolle verskil by $p \leq 0,05$.

NB = nie 'n betekenisvolle verskil by $p \leq 0,05$ nie.

TABEL 67 VARIANSIE-ANALISE VAN *RHYNCHELYTRUM REPENS* EN *TRAGUS BERTERONIANUS*
VIR DIE GEMIDDELDE BEDEKKING IN DIE VERSKILLEND E OPNAME-EENHEDE BY
DRIE BEMESTINGSPEILE (0%, 50%, 100%) OP NOORDELIKE EN SUIDELIKE
HELLINGS BY $p \leq 0,05$

Bron van variasie	Som van vierkante	Vryheids= grade	Gem. van vierkante	F	P-waarde
Gemiddeld	24195,11719	1	24195,11719	294,67920	0,0
Spesies	1094,12500	1	1094,12500	13,32566	0,000*
Bemesting	2056,25391	2	1028,12695	12,52185	0,000*
Helling	2421,21875	1	2421,21875	29,48871	0,000*
SB	562,94141	2	281,47070	3,42811	0,035
SH	226,72656	1	226,72656	2,76137	0,099
BH	1150,91016	2	575,45508	7,00863	0,001
SBH	550,29688	2	275,14844	3,35111	0,038
Fout	12233,88672	149	82,10661		

SB = interaksie tussen spesies en bemesting.

SH = interaksie tussen spesies en helling.

BH = interaksie tussen bemesting en helling.

SBH = interaksie tussen spesies, bemesting en helling.

* = betekenisvolle verskil by $p \leq 0,05$.

5.8 Bespreking van resultate

5.8.1 Vestiging op die noordelike helling (Tabel 63)

Die betrokke spesies kan in vier kategorieë verdeel word, naamlik:

Spesies wat goed gevestig het, byvoorbeeld *Pogonarthria squarrosa*.

Spesies wat middelmatig gevestig het, byvoorbeeld *Tragus Berteronius* en *Rhynchelytrum repens*.

Spesies wat swak gevestig het, byvoorbeeld *Eleusine indica* sub sp. *africana* en *Chloris virgata*.

Spesies wat nie gevestig het nie, byvoorbeeld *Urochloa panicoides*.

Uit 'n verwagte totaal van 400 plante per vierkante meter by 100%-bemesting, is die volgende stand verkry:

<i>Pogonarthria squarrosa</i>	= ongeveer 585 plante per vierkante meter
<i>Rhynchelytrum repens</i>	= ongeveer 185 plante per vierkante meter
<i>Tragus berteronianus</i>	= ongeveer 165 plante per vierkante meter
<i>Eleusine indica</i> sub sp. <i>africana</i>	= ongeveer 130 plante per vierkante meter
<i>Chloris virgata</i>	= ongeveer 104 plante per vierkante meter
<i>Urochloa panicoides</i>	= 0 plante per vierkante meter

5.8.2 Vestiging op die suidelike helling (Tabel 64)

Die betrokke spesies kan in vier kategorieë verdeel word, naamlik:

Spesies wat goed gevestig het, byvoorbeeld *Pogonarthria squarrosa*.

Spesies wat middelmatig gevestig het, byvoorbeeld *Rhynchelytrum repens* en *Chloris virgata*.

Spesies wat swak gevestig het, byvoorbeeld *Tragus berteronianus* en *Eleusine indica* sub sp. *africana*.

Spesies wat nie gevestig het nie, byvoorbeeld *Urochloa panicoides*.

Uit 'n verwagte totaal van 400 plante per vierkante meter by 100%-bemesting, is die volgende stand verkry:

<i>Pogonarthria squarrosa</i>	= ongeveer 616 plante per vierkante meter
<i>Chloris virgata</i>	= ongeveer 257 plante per vierkante meter
<i>Rhynchelytrum repens</i>	= ongeveer 180 plante per vierkante meter
<i>Tragus berteronianus</i>	= ongeveer 153 plante per vierkante meter

Eleusine indica sub sp.

africana

= ongeveer 138 plante per vierkante meter

Urochloa panicoides

= 0 plante per vierkante meter

5.8.3. Afleidings

Die afleidings word aan die hand van die variansie-analise bespreek.

5.8.3.1 Gemiddelde stand

Uit Tabel 65 kan afgelei word dat:

1. die gemiddelde stand van die betrokke spesies betekenisvol van mekaar verskil;
2. die gemiddelde stand by die verskillende bemestingspeile betekenisvol verskil;
3. die gemiddelde stand op die noordelike en suidelike helling ook betekenisvol van mekaar verskil.

Daar het wel betekenisvolle interaksies tussen spesies en bemesting, spesies en helling, bemesting, helling en spesies, bemesting en helling voorgekom. Die verskille tussen die spesies, bemesting en helling is egter baie laer as $p \leq 0,05$; derhalwe kan die interaksies buite rekening gelaat word.

Uit die resultate, onder 5.8.1 en 5.8.2 genoem, kan dus afgelei word dat *Tragus berteronianus* beter teen die noordelike helling as teen die suidelike helling gevestig het (gemiddeld 165 plante per vierkante meter, teenoor 153 plante per vierkante meter). Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die gemiddelde temperatuur teen die noordelike helling hoër was as teen die suidelike helling. In die natuur kom *Tragus berteronianus* gewoonlik as 'n pionier hoofsaaklik in warmer en/of versteurde gebiede voor.

Uit Tabbelle 63 en 65 kan afgelei word dat bemesting die stand betekenisvol beïnvloed het. Dit is opvallend dat die stand op beide hellings beter was by die 50%-bemestingspeil (ongeveer 231 plante per vierkante meter op die noordelike helling en 182 plante per vierkante meter op die suidelike helling) as by die 100%-bemestingspeil (165 plante per vierkante meter op die noordelike helling en 153 plante per vierkante meter op die suidelike helling). Die 100%-peil was moontlik hoër as die optimum vir die spesie.

By *Rhynohelytrum repens* was daar ook 'n betekenisvolle verskil by die verskillende bemestingspeile en ook tussen die noordelike en suidelike hellings (vergelyk Tabbelle 63, 64 en 65). In hierdie geval was die stand ook effens beter op die noordelike (185 plante per vierkante meter) as op die suidelike helling (180 plante per vierkante meter). Die verskil was egter nie so opvallend as by *Tragus berteronianus* nie. By *Rhynohelytrum repens* was die stand by die 0%- en 50%-bemestingspeile beter as by die 100%-bemestingspeil op die noordelike helling. Teen die verwagting in was die stand op die suidelike helling die beste by die 0%-bemestingspeil. Dit kan nie verklaar word nie. By die 100%-bemestingspeil was die stand egter beter as by die 50%-bemestingspeil.

By *Chloris virgata* (Tabbelle 63 en 64) was die stand beter teen die suidelike as teen die noordelike helling (257 plante per vierkante meter en 104 plante per vierkante meter onderskeidelik). In beide gevalle was die stand beter by die 100%-bemestingspeil as by die 0%-bemestingspeil.

By *Eleusine indica* sub sp. *africana* was daar egter geen betekenisvolle verskil tussen die 50%- en 100%-bemestingspeile nie en ook nie tussen die noordelike en suidelike hellings nie.

Pogonarthria squarrosa het beter teen die suidelike helling (616 plante per vierkante meter) as teen die noorde-

like helling (585 plante per vierkante meter) gevestig. Op die noordelike helling het die stand nie noemenswaardig tussen die 0%- en 100%-bemestingspeile verskil nie. Op die suidelike helling het daar wel 'n verskil voorgekom.

5.8.3.2 Die invloed van bemesting op die gemiddelde hoogte

'n Variansie-analise vir *Tragus berteronianus* en *Rhynchelytrum repens* toon aan dat bemesting die hoogte betekenisvol beïnvloed het en dat aspek dit nie beïnvloed het nie (Tabel 66).

5.8.3.2.1 *Tragus berteronianus*

Uit Tabele 63 en 64 kan afgelei word dat die plante op beide hellings betekenisvol hoër was by die 50%- en 100%-bemestingspeile as by die 0%-bemestingspeil. Daar was egter nie 'n opvallende hoogte-verskil by die 50%- en 100%-bemestingspeile op beide hellings nie.

5.8.3.2.2 *Rhynchelytrum repens*

Dieselfde tendens as by *Tragus berteronianus* kom teen die noordelike helling voor, terwyl daar 'n groter verskil tussen die 50%- en 100%-bemestingspeile op die suidelike helling voorgekom het.

5.8.3.2.3 *Chloris virgata*

Die invloed van bemesting het 'n betekenisvolle verskil in hoogte veroorsaak. Die plante was ongeveer 39 sentimeter hoër by die 100%- as by die 0%-bemestingspeil op albei hellings. Aspek het nie 'n duidelike invloed gehad nie.

5.8.3.2.4 Eleusine indica sub sp. africana

Bemesting en helling het geen betekenisvolle verskil veroorsaak nie.

5.8.3.2.5 Pogonarthria squarrosa

Bemesting het 'n betekenisvolle verskil veroorsaak. Op die noordelike helling was die plante gemiddeld ongeveer 17 sentimeter hoër by die 100%- as by die 0%-bemestingspeil. Op die suidelike helling was die verskil nie so opvallend nie, slegs ongeveer 2 sentimeter.

5.8.3.3 Bedekking

'n Variansie-analise van *Rhynchelytrum repens* en *Tragus berteronianus* toon dat die bedekking betekenisvol verskil het tussen spesies, bemesting en helling. Daar het ook interaksies voorgekom tussen bemesting en helling en in 'n minder mate tussen spesies en bemesting. Aangesien die betekenisvolle verskille wat spesies, bemesting en helling betref, baie laer as $p \leq 0,05$ was, kan hierdie interaksies buite rekening gelaat word (Tabel 67).

5.8.3.3.1 Tragus berteronianus

Die basale bedekking was oor die algemeen beter teen die noordelike as teen die suidelike helling (Tabelle 63 en 64). Die bedekking was die beste by die 100%-bemestingspeil. Daar was egter nie 'n opvallende verskil tussen die 50%- en 100%-bemestingspeil nie.

5.8.3.3.2 Rhynchelytrum repens

Dieselfde tendens as by *Tragus berteronianus* het hier voorgekom.

5.8.3.3.3 Chloris virgata

Daar was geen betekenisvolle verskil tussen die hellings nie maar wel 'n verskil ten opsigte van bemesting. Die bedekking was 4,8% en 21,7% respektiewelik by die 0%- en 100%-bemestingspeile teen die noordelike helling, en 9,8% en 20,4% teen die suidelike helling. By die 0%-bemesting was die bedekking beter teen die suidelike (9,8%) as teen die noordelike helling (4,8%).

5.8.3.3.4 Eleusine indica sub sp. africana

Bemesting en hellings het nie betekenisvolle verskille veroorsaak nie.

5.8.3.3.5 Pogonarthria squarrosa

Daar was nie 'n betekenisvolle verskil tussen die noordelike en suidelike hellings nie, maar wel tussen die 0%- en 100%-bemestingspeile op beide hellings.

5.9 Gevolgtrekkings

Alhoewel die grondtipes, bemestingsintensiteit en saaidigtheid vir beide hellings dieselfde was, is die volgende verskille opvallend:

1. Die stand was oor die algemeen beter op die suidelike helling.
2. Die plante was oor die algemeen groter op die suidelike helling.

5.10 Saadproduksie

Grondmonsters is die volgende seisoen (Augustus en September 1975) uit die persele versamel om die saadproduksie van die betrokke spesies tydens die betrokke seisoen te bepaal. Die ondersoek word in hoofstuk 11 bespreek.

HOOFSTUK 6

'N EVALUASIE VAN DRIE STABILISASIE-TEGNIKE OP 'N SANDERIGE HELLING IN DIE KNYSNA-OMGEWING

6.1 Inleiding

Die proef is onderneem om die doeltreffendheid van verskillende stabilisasietegnieke, sowel as die aanpasbaarheid van verskillende grasse spesies, op 'n sanderige helling te evalueer.

6.2 Lokalisiteit

'n Oostelike helling langs die Afdelingsraadpad na Karatara, ongeveer vyf kilometer vanaf die aansluiting met die Knysna-Sedgefield nasionale pad, is vir die proef geselekteer. Die proef is gedurende November 1975 uitgevoer.

6.3 Saadmengsel

'n Eenvormige grassaadmengsel, wat bestaan het uit *Rhynchelytrum repens*, *Chloris virgata*, *Tragus berteronianus* en *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis*, is deurgaans gebruik. Die samestelling van die saadmengsel was soos volg:

- | | |
|--|-----|
| 1. <i>Rhynchelytrum repens</i> | 60% |
| 2. <i>Chloris virgata</i> | 10% |
| 3. <i>Tragus berteronianus</i> | 20% |
| 4. <i>Aristida congesta</i> sub sp. <i>barbicollis</i> | 10% |

Die saaidigtheid was dieselfde in al die persele, naamlik 100 gram per vierkante meter.

6.4 Bemesting

Die bemesting was deurgaans dieselfde, naamlik die ekwivalent van 400 kilogram 2:3:2 (22) per hektaar.

6.5 Uitleg van die persele

Agt persele is teen die helling uitgelê. Die grootte van die persele was dieselfde, naamlik een meter breed en twaalf meter hoog. Elke perseel is met planke afgebaken. 'n Honderd-literdrom is direk onderkant elke perseel ingegrawe en met metaalplate aan die perseel verbind om die hoeveelheid afloopwater en grond wat afspoel, noukeurig te kan bepaal. Tydens die proefperiode is van die dromme herhaaldelik deur lede van die publiek verwyder. Gevolglik kon daar nie 'n noukeurige evaluasie van afloopwater en grondverlies gedoen word nie.

6.6 Stabilisasiemetodes

Nadat die saad gesaai is, is verskillende stabilisasiemetodes toegepas. Daar is gebruik gemaak van takke, horisontale planke, bitumen en kontrolepersele. Elke metode is twee keer gerepliseer.

6.6.1 Takke

Twee persele, naamlik persele 1 en 8, is met 'n ongeveer 5 sentimeter laag takke bedek nadat die saad gesaai en kunsmis toegedien is.

6.6.2 Horisontale planke

Op twee persele is horisontale planke met intervalle van een meter geplaas en met behulp van penne bevestig. Die planke was 10 sentimeter hoog en ingegrawe sodat die bokant ongeveer 4 sentimeter bokant die grondoppervlak uitgesteek het. Die saad en kunsmis is toegedien nadat die planke in posisie geplaas is.

6.6.3 Bitumen

'n Lagie Bitumen-emulsie is op die oppervlak van twee persele met 'n gieter toegedien, sodat ongeveer 75% van die oppervlakte bedek was. Dit is gedoen nadat die saad en kunsmis toegedien is.

6.6.4 Kontrole

Geen stabilisasiemetode is toegepas nie.

6.7 Opmnames

'n Opname om die basale bedekking en stand te bepaal, is gedurende Junie 1977 uitgevoer. Dieselfde opname-metode as in Hoofstuk 3 onder 3.6.4.4 beskryf, is toegepas. In hierdie geval was die opname-eenhede 30 x 30 sentimeter. Tien opname-eenhede is per perseel gemonster. In al die persele kon geen plante van *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis* waargeneem word nie en is nie in die resultate ingesluit nie.

6.8 Resultate

Die resultate word in Tabelle 68 tot 75 verstrek. Die gemiddelde waardes verskyn in Tabel 76.

TABEL 68 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 1 WAT MET TAKKE BEDEK WAS

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	20	5	2	3
2	75	16	0	2
3	60	12	1	4
4	50	14	3	1
5	50	13	0	2
6	80	17	0	2
7	75	11	1	0
8	40	8	0	2
9	40	10	2	4
10	25	7	3	3
GEMIDDELD	51,5	11,3	1,2	2,3

TABEL 69 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 8 WAT MET TAKKE BEDEK WAS

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	50	14	0	5
2	80	18	4	6
3	70	17	3	2
4	50	15	2	3
5	40	13	1	6
6	40	16	0	5
7	50	11	2	6
8	20	13	1	3
9	20	9	0	3
10	30	7	1	2
GEMIDDELD	45	13,3	1,4	4,1

TABEL 70 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 2 MET HORIZONTALAAL PLANKE

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	60	14	0	1
2	10	4	2	2
3	20	15	1	0
4	50	16	0	4
5	60	14	0	3
6	40	12	3	4
7	40	15	3	2
8	50	13	2	1
9	20	9	0	0
10	40	12	2	3
GEMIDDELD	39	12,4	1,3	2,0

TABEL 71 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 7 MET HORIZONTALAAL PLANKE

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	40	15	3	1
2	30	12	0	5
3	20	9	0	7
4	40	11	0	6
5	25	13	2	6
6	10	12	1	4
7	50	11	2	6
8	20	16	0	4
9	60	9	0	3
10	5	9	0	3
GEMIDDELD	32	11,7	0,8	4,5

TABEL 72 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 3 WAT MET BITUMEN BEHANDEL IS

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	30	5	1	2
2	10	6	0	2
3	20	0	3	1
4	30	6	0	2
5	30	4	0	1
6	20	5	0	0
7	10	3	0	2
8	30	6	2	1
9	0	0	0	0
10	30	2	0	1
GEMIDDELD	21	4,0	0,3	1,2

TABEL 73 BASALE BEDEKKING EN STAND VAN PERSEEL 5 WAT MET BITUMEN BEHANDEL IS

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	20	5	0	2
2	10	3	0	0
3	20	7	0	2
4	10	5	0	4
5	20	8	0	1
6	20	5	1	1
7	30	4	1	2
8	5	2	0	1
9	5	2	0	2
10	1	1	0	1
GEMIDDELD	14,1	4,2	0,2	1,6

TABEL 74

BASALE BEDEKKING EN STAND VAN DIE KONTROLE (PERSEEL 4)

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	10	12	3	4
2	30	14	0	2
3	20	16	1	3
4	40	12	0	6
5	20	14	0	5
6	30	10	2	1
7	10	12	1	0
8	20	8	0	2
9	20	10	0	3
10	10	14	2	5
GEMIDDELD	21	12,2	0,9	3,1

TABEL 75

BASALE BEDEKKING EN STAND VAN DIE KONTROLE (PERSEEL 6)

30x30 cm Opname-eenheid	Basale bedekking %	Aantal plante per opname-eenheid		
		<i>Rhynchelytrum repens</i>	<i>Chloris virgata</i>	<i>Tragus berteronianus</i>
1	10	11	3	7
2	40	15	1	8
3	30	16	3	6
4	20	15	0	7
5	25	10	2	6
6	20	7	2	4
7	20	13	1	3
8	5	5	0	2
9	5	2	0	2
10	1	1	0	1
GEMIDDELD	17,6	9,5	1,2	4,6

TABEL 76 GEMIDDELDE STAND EN BASALE BEDEKKING VAN DIE PERSELE
WAAR DIE VERSKILLENDE STABILISASIE-TEGNIKE TOEGEPAS IS

Spesies	Gem. digtheid per opname-eenheid van die verskillende stabilisasiemetodes			
	Takke	Planke	Bitumen	Kontrole
<i>Rhynchelytrum repens</i>	12,3	12,05	4,1	10,85
<i>Tragus berteronianus</i>	3,2	3,25	1,4	3,85
<i>Chloris virgata</i>	1,6	1,05	0,25	1,05
Totaal (30 x 30 cm)	16,8	16,35	5,75	15,75
Gem. basale bedekking	48,25	35,5	17,5	19,3

6.3 Bespreking van resultate

6.9.1 Vestiging

Geen individue van *Aristida congesta* sub sp. *barbicollis* kon waargeneem word nie. Die oorsaak kan moontlik aan nie-kiemkrachtige saad of te lae gemiddelde temperatuur vir ontkieming toegeskryf word. Hierdie spesie kom in die natuur hoofsaaklik in die warmer dele van die land voor.

6.9.1.1 Takke

Uit Tabel 76 blyk dit dat *Rhynchelytrum repens*, *Chloris virgata* en *Tragus berteronianus* beter gevestig het in die persele wat met takke bedek was, naamlik 16,8 plante per opname-eenheid, teenoor 15,75 plante in die kontrolepersele.

Die invloed van 'n takbedekking is beslis voordelig vir vestiging. Dit veroorsaak blykbaar voordeliger mikro-klimaatstoestande en verminder blykbaar die ver-

lies van grondvog. Daar is ook waargeneem dat minder winderosie op hierdie persele voorgekom het en dat daar as gevolg van die verwerking van die takke heelwat organiese materiaal in die grond teenwoordig was.

6.9.1.2 Horisontale planke

'n Gemiddelde stand van 16,35 plante is verkry. Dit vergelyk goed met 'n gemiddelde stand van 16,8 plante vir die persele wat met takke behandel is. Daar is ook waargeneem dat minder erosie in hierdie persele as by die kontrolepersele voorgekom het.

6.9.1.3 Bitumen

Die vestiging in die bitumenpersele was oor die algemeen baie swakker (gemiddeld 5,75 plante) as by die ander stabilisasietodes (takke, gemiddeld 16,8 plante en horisontale planke, gemiddeld 16,35 plante) en selfs as dié van die kontrole (gemiddeld 15,75 plante). Dit blyk dat die ontkieming deur bitumen benadeel word. Na verskeie maande (November 1977) was die nadelige invloed van bitumen nog duidelik. Die nadelige invloed van bitumen is sodanig is nie ondersoek nie. Weens die swart kleur kon dit moontlik bygedra het tot hoër grondtemperatuur. Daar is waargeneem (November 1977) dat groot hoeveelhede saad op die bitumenlaag ontkiem sonder dat die wortels die grond kan binnedring. Gevolglik het waardevolle saad verlore gegaan.

6.9.1.4 Kontrole

'n Gemiddelde stand van 15,75 plante per opname-eenheid is verkry. Hierdie stand vergelyk goed met dié van die stabilisasietegnieke. Die stand was ook beter as wat in die bitumenpersele verkry is.

6.9.2 Basale bedekking

Die resultate vertoon groter variasie as die van vestiging.

6.9.2.1 Takke

Die hoogste gemiddelde basale bedekking (48,25%) is in hierdie geval verkry. Die gemiddelde basale bedekking van die kontrole was 19,3%. Die verskil kan moontlik toegeskryf word aan die beskikbaarheid van meer grondvog en beskerming wat deur die takke verleen is.

6.9.2.2 Horisontale planke

'n Gemiddelde basale bedekking van 35,5% het hier voorgekom. Die waarde is twee keer so hoog as by die kontrole. Daar word vermoed dat minder afloopwater en kunsmis as gevolg van die horisontale planke verlore gegaan het. Meer kunsmis en grondvog was dus moontlik vir die plante beskikbaar as wat by die kontrole die geval was. Dit kon nie bepaal word nie, aangesien die dromme gedurende die proefperiode deur lede van die publiek verwyder is.

6.9.2.3 Bitumen

Hier het 'n gemiddelde basale bedekking van 17,5% voorgekom. Die gemiddelde basale bedekking en die gemiddelde stand is hier selfs laer as by die kontrole. Die gemiddelde basale bedekking verskil minder van die kontrole as wat by die gemiddelde stand die geval was. Daar kan dus afgelei word dat, alhoewel minder plante in die bitumenpersele gevestig het, die plante beter gegroei het as wat in die kontrolepersele die geval was. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar minder grondvog as gevolg van die laag bitumen deur verdamping verlore gegaan het.

HOOFSTUK 7

DIE TOEPASSING VAN STABILISASIE-TEGNIKE OP 'N SUIDELIKE HELLING VAN DIE TUIN- ROETE NABY GROOT-BRAKRIVIER (PONT-SE-HOOGTE)

7.1 Inleiding

Die plasing van horisontale plankies was die algemene metode wat deur= gaans op hellings langs die Tuinroete gebruik is om bogrond te stabili= seer. Dit was duidelik dat hierdie metode nie doeltreffend was nie, aangesien baie, en in sommige gevalle al die bogrond oor 'n aantal sei= soene, deur erosie verlore gegaan het. Dit kan veral toegeskryf word aan die feit dat die plankies nie 'n geskikte struktuur is om water en wind= erosie te beperk nie. Dit bevorder nie indringing van reënwater nie en vertraag nie afvloei van water nie; maar kanaliseer dit eerder in ge= konsentreerde stroompies. Gevolglik verdwyn die plantbedekking ook in die meeste gevalle as gevolg van die verlies van bogrond.

Aangesien bogrond absoluut noodsaaklik is om 'n plantbedekking op hel= lings te onderhou (sanderige hellings moontlik uitgesonder), is besluit om verskillende tegnieke vir die stabilisasie van bogrond daar te stel en te evalueer.

7.2 Doel van die proef

Die doel van die proef was om verskillende stabilisasietegnieke met mekaar te vergelyk om sodoende die geskikste wyse vir grondstabilisa= sie te vind. Die oogmerk was om verskillende stabilisasietegnieke te evalueer waarmee 'n 10 sentimeter dik laag bogrond op die hellings in posisie gehou kon word.

7.3 Vereistes vir die stabilisasie van bogrond

Aangesien sekere leemtes van die horisontale plankie-metode ooglopend was, was die uitgangspunt om 'n metode te ontwikkel wat doeltreffer= der was. Verbetering moes ten opsigte van die volgende bewerkstellig word:

- 7.3.1 Die stabilisasiestruktuur moes poreus wees om afloopwater en in 'n mate bogrond te absorbeer, sodat water nie net geherkanaliseer word nie.
- 7.3.2 Dit moes saad bevat wat verkieslik oor 'n lang periode kan ontkiem om die uitwissing van kiemplante deur periodieke ongunstige toestande te voorkom.
- 7.3.3 Dit moes hoofsaaklik organiese materiaal bevat wat deur 'n geleidelike afbouproses tot die verbetering van grondtoestande kon bydra.
- 7.3.4 Die strukture moes soepel en buigbaar wees om die kontoere van die hellings te volg.
- 7.3.5 Dit moes kunsmis bevat wat geleidelik vrygestel word om vestiging te verseker.
- 7.3.6 Die struktuur moes biologies afbreekbaar wees om sodoende met verloop van tyd te vergaan.

7.4 Stabilisasietegnieke

Verskeie prototipe strukture is vervaardig om hulle stabilisasievermoë op die proef te stel, naamlik:

- 7.4.1 verstewigde plantegroeirolle;
- 7.4.2 plantegroeirame;
- 7.4.3 plantegroeirolle;
- 7.4.4 plantegroeimatte;
- 7.4.5 houtrame;
- 7.4.6 kontrole (die bestaande plankie-metode);
- 7.4.7 horisontale plankies, hoë digtheid (gewysigde kontrole).

7.5- Uitleg van die proef

Vir die uitleg van die verskillende persele is 'n gebied geselekteer wat aan die volgende vereistes voldoen het:

7.5.1 Die helling was relatief hoog (ongeveer 20 meter) en steil (1:1,5);

7.5.2 Die grond was kleierig, redelik homogeen en

7.5.3 hoogs erodeerbaar.

Die persele waar die verskillende stabilisasietegnieke toegepas is, was deurgaans 25 meter breed en het oor die hoogte van die helling, wat tussen 18 en 20 meter gewissel het, gestrek. Die proef is gedurende Mei 1976 uitgevoer.

7.6 Bemesting

Grondmonsters van die betrokke helling is versamel en deur Triomf Kunsmis (Edms) Beperk ontleed. Na aanleiding van die analise is 'n eenvormige bemestingspeil deurgaans op die verskillende persele toegepas, naamlik:

2:3:2 (22).....	200 kilogram per hektaar
Saaifos (24) met sink	100 kilogram per hektaar
Gips	200 kilogram per hektaar (in die ondergrond ingewerk)

7.7 Die verskillende stabilisasietegnieke

7.7.1 Verstewigde plantegroeirolle

Sigaarvormige plantegroeirolle, 2 meter lank, 10 sentimeter in deursnee, met 'n 2-meter en 3-4 sentimeter dik paal binne-in, is uit lokale plantmateriaal vervaardig. Die plantmateriaal is met behulp van sifdraad om die paal bevestig.

Die verstewigde plantegroeirolle is op 'n verspringende wyse teen die helling uitgepak en met penne bevestig (Figuur 5). Die vertikale afstand tussen die rolle was 25 sentimeter.

Die standaard bemesting is toegedien nadat die gips in die ondergrond ingewerk is. Geen addisionele saad is toegedien nie. Die ruimtes tussen die rolle is tot 'n dikte van 10 sentimeter met bogrond opgevul.

7.7.2 Plantegroei rame

Metaalrame, 1 meter lank, 25 sentimeter breed en 10 sentimeter hoog, is uit 10-millimeter ronde yster vervaardig. Die sye is met 'n laag lokale plantegroei bedek en met sifdraad in posisie bevestig. Die rame was dus bo en onder oop (Figuur 6).

Die plantegroei rame is op 'n verspringende wyse op die perseel uitgepak en aan mekaar bevestig. Die rame van elke derde ry is met ysterpenne in die grond bevestig (Figuur 7).

Die bemesting en plasing van die bogrond was dieselfde as onder 7.7.1 vermeld. Geen addisionele saad is toegedien nie.

7.7.3 Plantegroei rolle

Lokale plantegroei en sifdraad is gebruik om plantegroei rolle (10 sentimeter in deursnee) te vervaardig. Die rolle was 12 meter lank.

Die rolle is op 'n perseel, 10 meter breed, soos in Figuur 8 aangedui, teen die helling uitgepak en met ysterpenne (40 sentimeter lank) in die grond bevestig.

Die standaard bemesting en behandeling van die ondergrond is toegepas. Die openinge tussen die rolle is met bogrond tot 'n dikte van 10 sentimeter opgevul. Geen addisionele saad is bygevoeg nie.

7.7.4 Plantegroei matte

Plantegroei matte is geweef deur sifdraad en lokale plantmateriaal te gebruik. Die plantmateriaal is deur die ogies gevleg om so=doende 'n digte plantmateriaal mat, wat 10 sentimeter dik was, te verkry. Die matte was 1,8 meter breed en die lengte was in ooreenstemming met die hoogte van die helling (20 meter). Voordat die matte teen die helling uitgeplaas is, is die ondergrond met gips behandel, standaard bemes en met 'n laag bogrond (2½-5 sentimeter) bedek. Die matte is oor die helling oopgerol en aan=

mekaar vasgemaak. Die boonste punte van die onderskeie matte is deur middel van yster- en houtpenne in posisie bevestig. Geen addisionele saad is bygevoeg nie. Die uitleg van die matte word in Figuur 9 aangedui. Die perseel was 20 meter breed.

7.7.5 Houtrame

Houtrame van 10 sentimeter hoog, 1 meter lank en 25 sentimeter breed, is uit skaalplanke vervaardig. Die rame is op 'n verspringende wyse teen die helling uitgepak (Figuur 10), en met spykers aanmekaar vasgeslaan. Elke raam van elke derde ry is met behulp van twee ysterpenne aan die grond bevestig. Die openinge in en tussen die rame is met bogrond opgevul sodat 'n 10 sentimeter laag bogrond verkry is.

Die standaard bemesting en behandeling van die ondergrond is toegepas. Die perseel was 25 meter breed. Geen addisionele saad is toegevoeg nie.

7.7.6 Horisontale plankies (bestaande tegniek)


Die tegniek wat algemeen deur die Kaapse Provinsiale Administrasie vir stabilisasie van bogrond toegepas is, is vir kontrole-doeleindes by hierdie proef gebruik. Dit behels die volgende:

Horisontale planke wat 10 sentimeter breed en 1 meter lank was, is op 'n verspringende wyse teen die helling uitgepak en met behulp van penne in posisie bevestig. Die vertikale afstand tussen die planke was 1 meter (Figuur 11).

Die standaard bemesting en behandeling van die ondergrond is toegepas en die ruimtes tussen die planke is met 'n 10-sentimeter laag bogrond opgevul. Hierdie perseel was 15 meter breed.


7.7.7 Horisontale plankies, hoë digtheid (gewysigde kontrole)

Plankies van 10 sentimeter breed en een meter lank is op 'n verspringende wyse teen die helling geplaas en met ysterpenne bevestig. Die vertikale afstand tussen twee opeenvolgende hori-




FIGUUR 5

METAALRAAMWERK VAN PLANTEGROEIRAME




FIGUUR 6

BEDEKKING VAN DIE SYE VAN DIE PLANTEGROEIRAME




FIGUUR 7


PLASING VAN DIE PLANTEGROEIRAME




FIGUUR 8 PLASING VAN PLANTEGROEIROLLE




FIGUUR 9 PLASING VAN PLANTEGROEIMATTE



FIGUUR 10 PLASING VAN HOUTRAME



FIGUUR 11 PLASING VAN HORIZONTAL PLANKIES (BESTAANDE TEGNIEK)



FIGUUR 12 PLASING VAN HORIZONTAL PLANKIES (KONTROLE)

sontale rye was 25 sentimeter. Deur middel van hierdie verspreiding was die digtheid van die plankies sodanig dat dit met dié van die ander tegnieke ooreengestem het en as kontrole kon dien (Figuur 12).

Die standaard bemesting en behandeling van die ondergrond is toegepas. Die ruimtes tussen die plankies is met bogrond tot 'n dikte van 10 sentimeter opgevul. Geen saad is toegedien nie.

7.8 Opnames

Nadat 'n winter- en somergroeiseisoen verloop het, is 'n opname uitgevoer om die stand, spesiesamestelling en basale bedekking te bepaal.

Opnames is na die verloop van 13 maande gedurende Junie 1977 uitgevoer. Weens beskadiging deur 'n buitengewone swaar reën bui gedurende Mei 1977, kon geen opnames in die plantegroeirolperseel gedoen word nie. As gevolg van die reën is die helling in so 'n mate deurweek dat die ondergrond verskuif het en die meerderheid rolle afgeskuif het. Voor die beskadiging was die bedekking op die oog af in hierdie perseel beter as in die ander.

Die opnames is soos volg uitgevoer:

Twee strookopnames is vertikaal in die middelste gedeelte van elke perseel uitgevoer om onder andere grenseffekte te vermy. Die vertikale opnamelyne van elke strookperseel was 0,71 meter uitmekaar met 'n eenmeter interval tussen die twee opnamestroke. In elke strookperseel is 'n opname op een meter vertikale afstande uitgevoer sodat 20 opname-eenhede verkry is. Die grootte van elke opname-eenheid was 71 x 71 sentimeter, sodat 'n oppervlakte van 'n halwe vierkante meter by elke opname-eenheid verkry is. Die aantal spesies, aantal plante van elke spesie en basale bedekking van elke opname-eenheid is bepaal en genoteer.

7.3 Resultate

Die resultate van die opnames word in Tabelle 77 tot 82 en die gemiddelde waardes in Tabel 83 verstrek.

TABEL 77

